MATIELAND

2 • 1991

Pectora roborant cultus recti

KOM TREE AF IN DIE HISTORIESE OMGEWING VAN STELLENBOSCH

Paradyskloof Villas, geleë in die vrugbare Stellenbosch-vallei, teen die agtergrond van majestueuse bergpieke, spog ongetwyfeld met een van die skilderagtigste liggings in Suid-Afrika. 'n Idilliese omgewing vir u aftreejare.

In hierdie eksklusiewe ontwikkeling word nie alleen die historiese karakter van Stellenbosch bewaar nie, maar ook die natuurlike prag van die statige ou eike-, geelhout-, amber-, esdoring- en populierbome wat Paradyskloof omring.

Die aantreklike, goed-toegeruste 2-, 3- en 4-slaapkamer moderne Kaaps-Hollandse enkelverdieping dorpshuise is sorgsaam ontwerp om by die rustige omgewing te pas.

Fase Een is reeds bewoon.

'n Wye verskeidenheid geriewe sluit in 'n swembad, tennisbaan en 'n nabygeleë gholfbaan.

Paradyskloof Villas bied u onafhanklikheid sowel as gesellige samesyn. Die luukse Gemeenskapsentrum huisves 'n eetkamer, sitkamer en dameskroeg, terwyl 'n sonterras oor die dam uitkyk.

Omvattende veiligheidsmaatreëls, 'n Gesondheidsorgsentrum met volle personeel, en 'n bestuurder op die perseel waarborg u gemoedsrus en welsyn.

Kom woon dus in Paradyskloof, vir 'n sorgvrye, stylvolle leefwyse. Maak Paradyskloof u tuiste – en belê in lewenslange geluk.





Paradyskloof Villas
STELLENBOSCH

Vir nadere besonderhede, of ons gratis brosjure, skakel ons tolvry by 0800-220220, of skryf aan PROPLAN, Posbus 414, Parow 7500.
Stellenbosch Agente: (02231)
ANNA BASSON EIENDOMME, Tel 74740
COETZENBURG EIENDOMSAGENTE, Tel 70922
LE ROUX EIENDOMSAGENTE, Tel 71229
WYNLAND EIENDOMME, Tel 98192

United
ONTWIKKELINGSKORPORASIE
IN SAMEWERKING MET
PROPLAN

Enige gelde wat deur u betaal word, word deur die United kragtens die Wet op Afgetredenes (Wet 65/1988) gewaarborg en geadministreer en kan nie deur enige persoon of persone wanbeheer word nie. Elke huis word onder deeltitel verkoop, wat registrasie in u naam waarborg.

Skouhuis tye:
Weeksdae vanaf 10.00 vm – 5.00 nm
Saterdae 11.00 vm – 5.00 nm
Rigtingaanwysings: Draai af in Paradyskloofweg oorkant Gholfbaaningang, 450 meters na Paradyskloof Villas.

Skakel nou om moontlike teleurstelling te voorkom.

ADMIX 15/60A

MATIELAND

ISSN 0025 - 5947

JAARGANG 35 • 2 : 1991

INHOUD

Redaksioneel 3
Fokus op 3
Akademie bekroon dosente, Oud-Maties 4
Thatcher op Matie-kampus 5
US-ingenieurs bou eerste SA ruimtesatelliet 6
RGN vereer prof S.P. Cilliers 7
Soekor gee R400 000 vir geologiekursus 8
Oud-Maties in Washington 8
Breakthrough with cheap, simple wheelchair 9
Tsjeggiese navorser twee maande by US 10
Leading expert on campus 10
Departement vernoem sy stigter 11
Prof Jan de Bruyn tree af 12
Voorligting se pionier groet 12
Oud-hoof gasspreker by kwarteeufees 13
Handelsfakulteit nou die grootste 13
Maatskaplike Werk vereer oudstudent 14
Uitgestorwe dier dalk gouer herteel 15
Bulgaar help om nuwe sport te bevorder 16
Coetzenburg kry weer 'n 'Matie-tweeling' 17
Bevorder en aangestel 18
Jonker wen Murrayprys 20
Truie, hemde van rugbyklub te koop 21
1960-klas hou reünie 21
1991-uitgawe was byna R190 miljoen 22
Kannemeyer hou gedenklesing 22
Vyfde Oud-Matie aan spits by WAT 23
Kaarthouers wen pryse 24
Scully 'happening' on giant screen 25
In memoriam 26
Briewe van Oud-Maties 28
Ereburgerskap vir 'oom Bun' 29
Skenkings 30
BTK groet dr Scheffler 32

Ruimtesatelliet - bl. 6

Nuwe rolstoel - bl. 9

Reuse-vertoning - bl. 25

Voorblad: Terwyl die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries, toekyk, teken die voormalige Britse premier mev Margaret Thatcher die besoekersboek in die Africanakamer van die Universiteitsbiblioteek. Dit was tydens haar onlangse toer deur Suid-Afrika. Lees die berig op bl. 5.

Foto: Antenie Carstens, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US.

Matieland word drie keer per jaar uitgegee, en word gratis aan oud-studente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch ☎ (02231) 774633/774851
Faks (02231) 774499 Adreslys: ☎ (02231) 774634

Redakteur: Hans Oosthuizen • **Ontwerp en uitleg:** Elmarie van der Merwe, Buvo, US. • **Drukkers:** Edson-Clyde Press, Kaapstad.



Wie vul die leemte?

Sanlam ondersteun tersiêre onderwys in Suid-Afrika al jare lank.

Deur stilweg die leemte te vul.

Verbeterings aan geboue, nuwe toerusting - en nou ook hulp aan biblioteke wat spartel om kop bo water te hou.

Waar u toekoms tel, is ons belofte. En Sanlam verseker almal van 'n beter toekoms deur vir hoër onderwys in die bres te tree.

Dit spreek boekdele!

Sanlam

Waar u toekoms tel

Vir seker!

LINTAS CAPE 6831

• REDAKSIONEEL

AL HOE MINDER 'WETENSKAP'-GERIG?

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, wat nog altyd die grootste US-fakulteit was, is vanjaar deur Handel en Administrasie verbygesteek. In 1975 was daar nog meer as twee keer soveel Lettere en Wysbegeerte- as Handel en Administrasiestudente (2 984 teenoor 1 438). Albei het sedertdien gegroei (tot onder skeidelik 3 590 en 3 671) maar lg. se groei was vinniger.

Die totale US-getalle het sedert 1975 met bykans 50% gestyg, van 9 742 tot 14 550. Waar sowat 30,6% van alle Maties in 1975 in die Lettere en Wysbegeerte gestudeer het, het dié fakulteit nou ongeveer 24% van die totaal. Handel en Administrasie, wat teen 1975 minder as 15% van die studente gehad het, het nou sowat 25%. Dit beteken dat sowat een uit elke twee Maties in Handel en Administrasie of in Lettere en Wysbegeerte studeer. Saam het dié twee fakulteite dus die helfte van die studente, met die res oor tien fakulteite versprei. (Lettere en Wysbegeerte voed die nagraadse fakulteite Regsgeleerdheid- en Teologie asook, gedeeltelik, Opvoedkunde).

Hoewel tien fakulteite nou meer studente as in 1975 het, het hul groei onderling gewissel: Handel en Administrasie, en Regsgeleerdheid het meer as verdubbel; Geneeskunde en Bosbou is elk sowat 80% groter; Krygskunde is sowat 67%, Natuurwetenskappe sowat 41%, Ingenieurswese, Landbouweten-skappe en Tandheelkunde elk sowat 30% en Lettere en Wysbegeerte sowat 20% groter. Die twee wat ongelukkig sedert 1975 gekrimp het, is Opvoedkunde (856 in 1975, 1 269 in 1979 en 725 in 1991) en Teologie (306 in 1975, 532 in 1981 en 244 in 1991).

Van die 12 fakulteite is ses (Natuur- en Landbouwetenskappe, Ingenieurswese, Bosbou, Genees- en Tandheelkunde) hoofsaaklik wetenskap- of tegnologiegerig, met die ander ses meestal geesteswetenskap- (humaniora of "humanities") gerig. (Dit is nie 'n absoluut skerp verdeling nie, want daar is enkele uitsonderings soos Landbou-ekonomie by Landbouwetenskappe of die Krygskunde -B.Sc.-rigting).

Die ses "wetenskap"-fakulteite het in 1975 sowat 40% van die Maties gehad, teen 1981 meer as 43% en nou slegs 39,8%. Behalwe vir Geneeskunde en Bosbou was dié ses fakulteite se studentegroei sedert 1975 laer as die US-gemiddeld. Twee "wetenskap"-fakulteite (Natuur- en Landbouwetenskappe) het selfs gedaal sedert dit in 1986/'87 tot 'n hoogtepunt gegroei het (Natuurwetenskappe van 1 582 in 1987 tot 1 351 vanjaar en Landbouwetenskappe van 745 (1986) tot 622 (1991).

Hoewel fakulteite se sukses ook gemeet word aan faktore soos navorsingsuitset, nagraadse groei en die persentasie gegradueerdes wat gelewer word, sal dit jammer wees as die US sover dit studentegetalle betref, al hoe minder 'n "wetenskap"-universiteit word.

M

FOKUS OP ...

PROF ANDREAS VAN WYK, een van Suid-Afrika se bekendste regsakademici en 'n gewese direkteur-generaal in die staatsdiens, wat sedert 1 Julie die nuwe Vise-rektor (Bedryf) is. Hy het prof Jan de Bruyn, wat afgetree het, opgevolg.

Andreas van Wyk was Transvaal se top-matrikulant toe hy aan die Johannesburgse Hoër Seunskool Helpmekaar gematrikuleer het. Daarna studeer hy in die regsgeleerdheid op Stellenbosch, in Bonn (Duitsland) en in Leiden (Nederland).

Prof Van Wyk praat en lees ook Frans, Duits, Spaans en Portugees vlot en is 'n Latynkenner. Hy het o.m. as dekaan en US-

Prof Andreas van Wyk

Raadslid gedien terwyl hy gedurende 1966 – '84 'n dosent in die Fakulteit Regsgeleerdheid was. Daarna was hy die direkteur-generaal van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning tot Junie 1987 toe hy weer 'n US-regsdosent geword het.

In die Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning het hy breë administratiewe en bestuurservaring opgedoen. Hy was aan die hoof van meer as 16 000 werknemers, en was vir twee jaar vir die grootste begroting van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement verantwoordelik.

By talle hervormingstappe was hy ten nouste betrokke - veral die paswette se afskaffing, volle eiendomsreg vir swartes, die ou Departement van Samewerking en Ontwikkeling se rasionalisering, die ontwikkelingsrade se afskaffing, die skepping van 'n nuwe provinsiale stelsel en van streekdiensterade, en die aanvoorwerk om vir 'n nuwe SA grondwetlike bedeling te onderhandel.

As akademikus het hy drie standaardwerke oor die SA reg en verskeie vakartikels geskryf. Prof Van Wyk is 'n raadslid van die Universiteit van Zululand en van die SA Kultuurhistoriese Museum. Hy dien in verskeie Suid-Afrikaanse en internasionale verenigings en het o.m. al in Brittanje, Duitsland en Nederland as genooide spreker opgetree.

Sy vrou, mev Magdaleen van Wyk (Krüger), is 'n dieetkundedosent in die Huishoudkunde departement. Hulle twee dogters is albei Maties.

M

AKADEMIE BEKROON DOSENTE, OUD-MATIES

Vier US-dosente en 'n afgetrede US-professor asook verskeie ander Oud-Maties is onder die pryswenners wat vanjaar deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is.

Die vier dosente wat by die Akademie se jaarlikse bekroningsplegtigheid in die Endlersaal van die Konservatorium pryse ontvang het, is:

Prof Elize Botha (derde van links), voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, met die Akademie se jaarlikse bekroningsplegtigheid in die Endlersaal van die Konservatorium saam met die vyf US-personeellede wat bekroon is. Hulle is, van links, mnr Pieter van der Westhuizen en proff Chris Wicht, Piet Human, Fritz Hahne en Johan Combrink.

Prof Johan Combrink, hoogleraar in Afrikaanse taalkunde, wat die C.J. Langenhovenprys vir Taalwetenskap ontvang het, vir sy bydrae tot die Afrikaanse taalkunde oor die afgelope drie dekades. Sy publikasies, wat van akademiese veelsydigheid getuig, handel o.m. oor onderwerpe soos die Afrikaanse fonologie, morfologie, semantiek, sintaksis, persoonsname, taalgeskiedenis, leksikografie, idioomskat en etimologie.

Prof Fritz Hahne, hoogleraar in Fisika, het die Havengaprys vir Fisika ontvang. Hy het onder meer in die afgelope tien jaar as US-dosent daartoe bygedra dat die Universiteit se fisika-opleiding tot van die beste in die land uitgebou is.

Prof Piet Human van die Departement Didaktiek, Fakulteit van Opvoedkunde, het die Akademie se erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering in die natuurwetenskappe op sekondêre vlak ontvang. Hy word deur sy vakgenote in die wiskundedidaktiek as deskundige in die land - veral op die gebied van die wiskunde-vakdidaktiek in die primêre en sekondêre skole - aanvaar.

Mnr Pieter van der Westhuizen senior lektor aan die Konservatorium, is deur die Akademie vereer met die Pieter van Drimmelenmedalje vir die bevordering van Afrikaans op godsdienstige gebied.

Prof Chris Wicht, wat verlede jaar as hoof van die Departement Gemeenskapsgesondheid afgetree het, het die Akademie se Erepenning van die Fakulteit Wetenskap en Tegniek ontvang. Hy was o.m. sedert 1962 by 'n sewetal nuwe gesondheidsdienste se ontstaan betrokke.

Oud-Maties wat vanjaar deur die Akademie vereer is, sluit in **prof Ernst van Heerden**, afgetrede hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Witwatersrandse Universiteit en ook 'n oud-dosent van die US, wat met die Akademie se Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige kritiek vereer is. In 1982 het die Akademie hom met die Hertzogprys bekroon.

Oud-Matie prof Ernst van Heerden is onlangs vereer met 'n Akademieprys, erelidmaatskap van die Akademie, 'n eredoktorsgraad van die UOVS en 'n bundel gedigte wat aan hom opgedra is.

Prof Van Heerden, bekende digter en kritikus, het ook met sy 75ste verjaardag in Maart vanjaar 'n eredoktorsgraad van die UOVS ontvang. 'n Digbundel, *Verse vir Ernst*, van 29 mededigters, is ook met sy verjaardag aan hom oorhandig.

Die Akademie het prof Van Heerden en nog 'n bekende Oud-Matie en oud-US-dosent, **prof Piet Cillié**, afgetrede hoof van die Departement Joernalistiek, onlangs tot erelede verkies.

Ander Oud-Maties wat vanjaar Akademie-pryse ontvang het, is **prof Guillaum Brümmer**, hoogleraar in wiskunde aan die Universiteit Kaapstad, wat die Havengaprys vir Wiskundige Wetenskappe ontvang het; **prof C.F.J. Muller** wat die Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis ontvang het vir sy werk *Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948;* en **prof D. Vermaak**, afgetrede hoofdirekteur van die Navorsingseenheid/Instituut vir Onderwysstelsel-beplanning en voormalige hoof van die departement historiese en vergelykende opvoedkunde aan die UOVS, wat die Akademie se Besondere Erepenning vir Onderwysstelselbeplanning ontvang het.

THATCHER OP MATIE-KAMPUS

Brittanje se Ystervrou, mev. Margaret Thatcher, het op die tweede dag van haar weeklange besoek aan Suid-Afrika ook by die US besoek afgelê. Sy was die gas van prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier.

Prof De Vries het die voormalige Britse premier, vergesel van haar man, sir Denis, en die Britse ambassadeur, sir Robert Renwick, voor die Administrasiegebou ontmoet, vanwaar hulle na die JS Gericke-biblioteek gestap het.

Sy is in die moderne, ondergrondse biblioteekgebou rondgewys. In die Africanakamer, waarmee sy baie beïndruk was, het sy 'n besoekersboek geteken.

Daarna het sy en haar geselskap in die rektorsonthaallokaal in die Langenhoven-studentesentrum saam met prof De Vries en 'n groep US-akademici tee gedrink.

Foto: Erhard Thiel

Mev Thatcher gee haar handtekening vir 'n Matie-bewonderaar.

'n Skare Maties, US-personeel en lede van die publiek het voor die Administrasiegebou en by die biblioteek se ingang saamgedrom om die hoë Britse besoeker te siene te kry. Hulle het verskeie kere spontaan vir haar hande geklap.

Die Britse ambassade het mev Thatcher se besoek aan Stellenbosch gereël.

● Vroeër daardie week het mnr Nelson Mandela van die ANC ook by die Universiteit besoek afgelê, vir 'n vergadering in die Langenhoven-studentesentrum op uitnodiging van die US se Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek. Ook dié besoek het baie belangstelling geniet en 'n groot skare gelok. In sy toespraak, die eerste op 'n Afrikaanse kampus, het hy o.m. sy (bemoedigende) siening oor die rol van Afrikaans in 'n nuwe Suid-Afrikaanse staatsbestel uitgespreek.

220 SLIMKOPPE

'n Dinee vir akademiese topprestееrders is bygewoon deur 220 Maties wat almal verlede jaar 'n gemiddelde van meer as 75% gehad het. Dit is die eerste keer dat dié jaarlikse dinee, aangebied deur die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries, deur meer as 200 slimkoppe bygewoon is. Die hoogste syfer was 180 verlede jaar. Die Kanselier, dr Jan van der Horst, vanjaar se geleentheidspreker, is hier (middel) by mnr Gillian Arendse van die Paarl, 'n B.Sc.-student in sy derde jaar, mej Ella Duvenage van Kaapstad, 'n tweedejaar-B.A.-student, mnr André Gaum, die SR-lid wat die geselligheid gehelp reël het, en mej Monica Jansen van Marienthal, 'n geneeskundestudent in haar derde jaar.

US-INGENIEURS BOU 1STE SA RUIMTE-SATELLIET

Die Fakulteit van Ingenieurswese gaan sorg vir Suid-Afrika se eerste eksperimentele ruimtesatelliet wat na verwagting in Junie 1994 aan boord van 'n Franse Ariane-vuurpyl vanaf 'n lanseerbasis in Frans-Guineë, Sentraal-Amerika, in 'n wentelbaan om die aarde geplaas sal word.

Dié eksperimentele minisatelliet, Sunsat, word deur die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese met sterk ondersteuning van die Buro vir Stelselingenieurswese (BSI) ontwikkel.

Prof Garth Milne van dié departement is die projekleier. Hy beklee 'n nuwe professoraat in aardsatellietstelsels - 'n eerste in die land - wat verlede jaar in dié departement ingestel is.

Die satellietprojek is vroeg verlede jaar by die Universiteit aangepak. Dit is aanvanklik Kleinsat genoem, maar heet nou Sunsat, vir Stellenbosch Universiteit Satelliet of Suid-Afrikaanse Universiteite Satelliet.

Prof Milne sê die aanvanklike konsep, wat sy oorsprong by die BSI gehad het, is uitgebrei om vir nywerhede, radio-amateurs en ander universiteite se grootskaalse betrokkenheid voorsiening te maak.

Die projek het onlangs 'n groot hupstoot gekry: die steun van drie van die land se voorste elektroniese maatskappye, Altech, Grinaker Elektronika en Plessey, asook die Suid-Afrikaanse Radioamateur Satellietvereniging (SA Amsat).

Sunsat sal bestaan uit 'n 50 kg-kissie met 45 x 45 cm kante, volgepak met elektroniese apparate wat in Suid-Afrika ontwikkel en gebou word. Die minisatelliet gaan sowat 800 km. bo die aarde in 'n ruimtebaan geplaas word en sal een keer elke 100 minute in 'n noord-suid-rigting om die aarde wentel.

"Die projek is 'n geleentheid om die Suid-Afrikaanse nywerheid en universiteite vir toekomstige satellietprojekte voor te berei," sê prof Christo Viljoen, dekaan van Ingenieurswese. "Suid-Afrika se toekomstige kommunikasie- en opvoedkundige behoeftes vereis die gebruik van ruimtegebaseerde stelsels. Dié projek sal opvoeding en opleiding stimuleer en belangstelling en geesdrif vir die toekoms van die tegnologie in Suid-Afrika wek".

Behalwe dat dit tegnologiese kundigheid vestig, hou Sunsat ook ander belangrike voordele vir die land in.

"Deur ons gesamentlike plaaslike vermoëns in ruimte-tegnologie te demonstreer, kan ons verseker dat ons 'n beduidende bydrae lewer tot 'n kommersiële satelliet-ontwikkelingsprogram indien Suid-Afrika sou toetree tot die daarstelling van 'n huishoudelike satelliet", sê mnr Thomas van der Watt, besturende direkteur van Grinaker Satellietstelsels.



Foto: Cape Times

By 'n model van Sunsat is die projekleier, prof Gartth Milne (naaslinks), saam met mnre Hans van de Groendendaal van SA Amsat, Bernie Bowers van Grinaker Elektronika, Alan Marshall van Plessey SA en Llew Jones van Altech: vennote in die projek om Suid-Afrika se eerste ruimtesatelliet in 1994 te lanseer.

Sunsat sal veelsydig wees, al is dit 'n eksperimentele satelliet. Die talle moontlike gebruike daarvan sluit o.m. in soek- en reddingsoperasies (byvoorbeeld ter see), voertuig-opsporing, die elektroniese spoorsny van skaars wildsoorte, wêreldwye data-insameling- en oordrag en eksperimente met TV-herleiding uit ander lande. Dit sal ook vir die weerkunde, landbou en bosbou van nut wees.

Dr Arnold Schoonwinkel, direkteur van die BSI, sê daar word sekere unieke eienskappe vir Sunsat ontwikkel wat dit anders as soortgelyke minisatelliete elders ter wêreld maak, soos stereokameras wat 'n driedimensionele beeld van die aarde se oppervlakte kan produseer.

Sunsat sal ook oor 'n radio-amateur-herleier en 'n hoëspoed-verwerker vir die massa-oordrag van inligting beskik.

Mnr Hans van de Groenendaal, president van die SA Amsat, sê Sunsat sal satelliet- en elektroniese klubs in skole bevorder en bykomende geleenthede vir klaskamerprojekte in die wetenskappe bied. Ruimte-geörienteerde projekte in dié verband begin reeds in 1992, lank voor Sunsat se lansering.

Vervolg op bladsy 7

RGN VEREER PROF S.P. CILLIERS

Die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (SWO) van die RGN het aan prof S.P. Cilliers, afgetrede dekaan van Lettere en Wysbegeerte, 'n medalje oorhandig uit erkenning vir die reusebydrae wat hy gedurende sy lang akademiese loopbaan tot die uitbou van sosiologie as vakgebied gelewer het.

Dr Bok Marais, hoofbestuurder van die SWO, het die oorhandiging by die Universiteit aan prof Cilliers gedoen.

Prof Cilliers is gehuldig as 'n pionier van sy vak in Suid-Afrika, en vir sy onafhanklike siening, konsekwentheid, veelsydigheid en sy vernuwende denke. Sy navorsing strek oor meer as vier dekades waartydens hy minstens 100 publikasies oor 'n wye spektrum van terreine gelewer het.

In die afgelope dekade het hy 'n belangrike bydrae gelewer as direkteur van die Navorsingseenheid vir Ontwikkelingsosiologie, 'n RGN-instansie wat in 1981 aan die US se Departement Sosiologie ingestel is en spesifiek aan prof Cilliers self verbind is.

(Nog twee sulke RGN-eenhede is aan die Universiteit gesetel, nl. dié vir Wiskundeonderrig en vir Rekenaartoepassings op die Taal en Teks van die Ou Testament, terwyl 'n vierde een, vir Toegepaste Demografie, sy werk teen die middel-tagtigerjare afgehandel het).

Prof Cilliers het ook as dosent in die vorming van sosioloë en as departementshoof en dekaan 'n belangrike bydrae gelewer. Hy het al sy akademiese kwalifikasies (insluitend M.A., LL.B. en D.Phil.) aan die US behaal en was 'n sosiologiedosent sedert 1948.

In 1957 het hy professor geword en van 1987 tot met sy aftrede aan die einde van 1990 was hy dekaan. Hy was die US-Senaat se langsdienende lid en was ook een van die Senaat se verteenwoordigers in die Universiteitsraad.



Prof S.P. Cilliers (middel) by die funksie waar die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling hom vereer het, saam met dr Bok Marais (links) van dié sentrum en prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier.

Hoewel Sunsat Suid-Afrika se eerste klein satelliet is, en die eerste wat in die Suidelike Halfrond ontwikkel en gebou word, is soortgelyke satelliete reeds in Brittanje, Europa en die VSA ontwikkel.

Mnr Herman Steyn, 'n dosent in elektroniese ingenieurswese aan die US, wat satelliettegnologie aan die Universiteit van Surrey, Engeland, bestudeer het, sê Surrey het reeds vyf minisatelliete gelanseer. Hy sê die US kan in die toekoms met universiteite in die buiteland op dié gebied saamwerk en satelliettegnologie uitruil.

Soos met ander minisatelliete sal Sunsat se leeftyd ná lansering 'n maksimum van tien jaar wees. Sonder die beskerming van die aarde se atmosfeer is dit aan bestraling en verwering deur die son blootgestel, wat die apparatuur binne-in die satelliet mettertyd beskadig. Dit beweeg ook geleidelik nader aan die aarde totdat dit uiteindelik soos 'n meteoriet uitbrand.Maar teen daardie tyd sal Sunsat se verbeterde opvolger hopelik reeds gelanseer wees, sê mnr Steyn. "Dit behoort nie 'n eenmalige projek te wees nie. Wanneer ons Sunsat in 1994 lanseer, moet ons reeds met die ontwikkeling van sy opvolger besig wees."

GEOLOGIE

Soekor gee R400 000 vir nuwe kursus

Die Departement Geologie het vanjaar begin om geoloë in die rigting Ekonomiese Sedimentologie op te lei. Soekor ondersteun dié nuwe honneurskursus met 'n skenking van R400 000, d.w.s. R80 000 per jaar oor vyf jaar.

Die gedagte om 'n nagraadse kursus in sedimentologie op Stellenbosch aan te bied, het sy oorsprong gehad by dr P.J. (Piet) van Zyl, 'n Oud-Matie wat besturende direkteur van Soekor was. Hy is in 1989 oorlede.

'n Tweeledige doel word met die kursus beoog: om die leemte in petroleumgeologie-opleiding in Suid-Afrika aan te vul en om gespesialiseerde navorsing in dié studierigting in die land te onderneem.

Hierdie navorsingsresultate kan vir Soekor in sy olie-eksplorasie ter see van nut wees, sê prof Wilhelm Verwoerd, voorsitter van die Departement Geologie.

In die kursus word oorwegend aan fossielbrandstowwe aandag gegee. "Dit is nogtans 'n goed gebalanseerde, praktykgerigte kursus wat aan studente 'n wye beroepskeuse in die Suid-Afrikaanse eksplorasie- en mynboubedryf bied," sê prof Verwoerd.

Nadat Soekor se raad 'n tyd gelede besluit het om die vyfjaar-toekenning aan die US te doen, is 'n doseerpos ingestel. Prof Abraham Rozendaal, 'n Oud-Matie wat voorheen 20 jaar aan Goldfields van Suid-Afrika verbonde was, is teen die middel van verlede jaar as medeprofessor in die pos aangestel en die kursus kon vanjaar begin.

Dit is een van drie studierigtings wat nagraadse geologiestudente kan kies.

'n Groep Soekor-bestuurslede, onder wie dr Ken Graham, hoofbestuurder, mnr George Smith, eksplorasiebestuurder, en mnr Frans Engelbrecht, bestuurder: geologie, het die Universiteit onlangs besoek, om van prof Rozendaal en ander geologiedosente eerstehandse kennis oor die aanbied van die nuwe kursus te verkry.

Soekor-bestuurslede dr Ken Graham (naasregs) en mnr Frans Engelbrecht (regs) met 'n besoek aan die US vroeër vanjaar saam met (van links) proff Wilhelm Verwoerd en Abraham Rozendaal albei van die Departement Geologie en die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries.

Oud-Maties in Washington

Oud-Maties dr Piet Koornhof, sy vrou, mev Lulu Koornhof, en ds Jan Hanekom het onlangs na 'n verblyf in Amerika teruggekeer Suid-Afrika toe. Die Koornhofs, wat die ambassadeurs-paar in Washington was, het op Stellenbosch afgetree en ds Hanekom, wat predikant vir die SA diplomate in die VSA was, het in die Strand afgetree.

Nog 12 ander Oud-Maties in die VSA was by ds Hanekom ('n voormalige US-Raadslid) se afskeidsdiens in die ambassadeurswoning in Washington. Op dié foto wat toe geneem is, is (AGTER): Charl Faurie (B.Comm. Regte, 1985), Jaco Breyl (B.Bibl., 1986), dr Frans le Roux, ambassadeur by die IMF en Wêreldbank (D.Comm., 1981), Werner Vosloo (B.A. Regte, 1983), Eddie Mienie (B.A. Regte, 1977), Gustav Rhode (B.Ing, 1984), Dalene Rhode (gebore Heyns; B.Comm., 1985), Pieter Vermeulen (B.A., LL.B., 1977), Abraham Luckhoff (B.A. Hons., B.Th., 1966) en Eddie Nyenhuis (M.B.A., 1971). VOOR: Liana le Roux (vrou van dr Frans le Roux; M.A. Maatsk., 1981), ds Jan Hanekom (B.A. en Kweekskool, 1949), mev Lulu Koornhof (B.A. Maatsk., 1947), dr Piet Koornhof (B.A. en Kweekskool, 1949) en Carin Vosloo (Hons-B.A., 1985).

BREAKTHROUGH WITH CHEAP, SIMPLE WHEELCHAIR

By Malene Breytenbach

A breakthrough of major significance in the medical field relating to people who have to use wheelchairs but cannot afford them, has been achieved at Stellenbosch University.

The University's Department of Physiotherapy and the bureaux of Bio-Engineering and of Mechanical Engineering (BMI) combined expertise to make possible an economical, comfortable, easy-to-manoeuvre - and cheap - wheelchair, consisting mainly of bicycle parts.

The initiator is a young physiotherapist, ex-Matie Miss Reinette Vos, who has been working with the handicapped at Tygerberg and Carl Bremer hospitals. She noticed a real need for lower-priced wheelchairs and a workshop to make them.

At these hospitals sixty people are on a waiting list for wheelchairs every year, which can cost from R1 200 to R4 000. The latest prototype of the economical new wheelchair on the other hand, costs a mere R400. A more expensive variation with arm rests will also be available.

Miss Vos was referred to the then Director of the Bureau of Bio-Engineering, Dr Pieter Fourie. Being an engineer as well as a medical practitioner, he was aware of the BMI's work. He introduced Miss Vos to the BMI and she submitted her specifications.

The BMI, a research and development body in the Faculty of Engineering since 1978, became a private company affiliated to the University last year.

BMI mechanical designer Mr Neil Goslett designed the new wheelchair, using an advanced computer programme that Nasa has applied to spaceship design. The wheelchair was then built in the BMI workshop on the Stellenbosch campus.

The first prototype was introduced in November 1990. Miss Vos introduced the improved one at a medical conference at the CSIR in Pretoria earlier this year. She delivered a poster lecture to illustrate the operation and improvements of the new prototype.

An enormous population increase and subsequent impoverishment of underdeveloped countries make it imperative to have a low-cost, durable wheelchair suitable for third-world conditions. The positive feedback received since the introduction of the first prototype shows the great need for such a wheelchair.

Picture: The Argus

Physiotherapist Miss Reinette Vos and mechanical designer Mr Neil Goslett with the new Albatross wheelchair (right) and one of the more conventional models.

The chair, called the "Albatross", has standard 24-inch bicycle wheels, with a BMX-type hub that can accommodate a thicker axle. The seat is a standard plastic sport pavillion chair and the frame consists of thin-walled steel tubes.

In the new prototype the wheels are closer together, the leg units are thicker, the feet rests have been placed differently and the parking brake has been shortened so that transfer from one chair to another is easier.

The specially designed axle, according to Mr Goslett, is the only part not available from a cycle shop, but from the BMI. Wheels may be serviced at a cycle shop. Components are as simple as possible. The parking brake consists of only two components.

The wheelchair weighs a mere 19 kg. Optional extras are available such as arm rests, wide footrests and pneumatic front wheels. These are obtainable from the BMI (☎ 02231-774256).

The wheelchair was tested in sand, on grass and in all conditions in the township Khayelitsha outside Cape Town. It proved to be extremely manoeuvrable.

Projects such as the Albatross wheelchair are promoted and co-ordinated by the Bureau of Bio-Engineering, with co-operation between various departments and the Faculty of Engineering. The Bureau of Bio-Engineering identifies needs in the medical field and then arranges the production of products to meet these needs.

The Controlling Committee includes the deans of Engineering and Medicine. The present director (a voluntary, unpaid position) is Dr Johan Coetzee of the Department of Anaesthesiology (☎ 021-9313131).

M

TSJEGGIESE NAVORSER 2 MAANDE BY US

'n Oos-Europese akademikus, dr Ján Voderadsky van die Instituut vir Oosterse en Afrika-studies aan die Slowaakse Wetenskap-akademie in Bratislava, Tsjeggo-Slowakye, het onlangs twee maande aan die US deurgebring.

Hy is 'n Afrika-spesialis. 'n Boek gebaseer op sy doktorsgraadstudie oor Nigerië se politieke ontwikkeling in die onafhanklikheidstyd is in 1989 uitgegee.

Die RGN het sy besoek aan Suid-Afrika gereël. Hy het veral die verhoudinge tussen sy land en Suid-Afrika bestudeer. Kort na sy verblyf op Stellenbosch het hy by 'n kongres in Pretoria 'n referaat aangebied.

Dr Voderadsky het op Stellenbosch lang tye in die J.S. Gericke-biblioteek deurgebring vir 'n studie van berigte sedert 1988 in Suid-Afrikaanse koerante oor die politieke veranderinge in Oos-Europa en veral in Tsjeggo-Slowakye.

Tsjeggiese geleerde dr Ján Voderadsky (regs) tydens sy besoek saam met prof Pieter Kapp voor die J.S. Gericke-biblioteek.

Hy is Engels goed magtig en 'n Matie-M.A.-student in die geskiedenis het hom met die berigte in Afrikaanse blaaie gehelp. Dr. Voderadsky is sewe tale (o.m. Duits, Frans en Russies) magtig en het tyd afgeknyp om in die US se taallaboratorium 'n matige kennis van Afrikaans ook aan te leer.

Sy studie het ook talle onderhoude (baie in Kaapstad) met politici van alle partye en groeperinge in die land ingesluit. Dit is meestal deur prof Pieter Kapp van die Departement Geskiedenis gereël. Hy is gevra om enkele lesings op die kampus aan te bied.

Dit was sy tweede besoek aan Suid-Afrika. Met die eerste, op uitnodiging van die SA Stigting teen die middel van verlede jaar, was hy nie op Stellenbosch nie. Van die Eikestad het hy baie gehou, en hy hoop hy kry die kans om dit weer te besoek.

M

LEADING EXPERT ON CAMPUS

A World-renowned professor of Political Science, Prof Arend Lijphart of the University of California in San Diego, visited the University, where he delivered a lecture arranged by the Department of Political Science.

Prof Lijphart is regarded as a leading expert in comparative politics. One of his many publications is "Power Sharing in South Africa" which was published in 1985 and on which his lecture was based. According to him there were limited possibilities in South Africa, given the divided society and additional disagreement on how to define these divisions.

Prof Arend Lijphart (centre) during his recent visit to the University, with Professors Pierre du Toit and Willie Breytenbach, both of the Department of Political Science.

He is a member of the Royal Netherlands Academy of Sciences and the American Academy of Arts and Sciences and has been a German Marshall Fund and Guggenheim Fellow.

This was Prof Lijphart's eigth visit to South Africa.

M

DEPARTEMENT VERNOEM SY STIGTER

Die Departement Statistiek het sy nuut ingerigte seminaarkamer na prof S.J. (Faantjie) Pretorius, 'n baanbrekerdosent van die departement, vernoem. Sy weduwee, dr Lettie Pretorius, het die lokaal formeel oopgesluit met 'n funksie wat die departement vroeër vanjaar gehou het op die dag wat prof Pretorius 85 sou word.

Kort huldeblyke aan prof Pretorius is by die funksie voorgedra deur drie van sy oud-studente, dr Bob de Jongh, 'n afgetrede goewerneur van die Reserwebank, mnr Frans Davin, wat in 'n senior bestuurspos by Ou Mutual afgetree het, en mnr Hendrik du Plessis, 'n senior bestuurslid van Sanlam.

Ook by die funksie was drie van prof Faantjie en dr Lettie Pretorius se vier kinders, mnre Stephan en Carl Pretorius van Johannesburg, en mev Riana Roos van Stellenbosch. Die ander dogter, mev Margaretha Gärtner, woon in Duitsland.

Die familie het by die funksie prof Pretorius se oorspronklike doktorale proefskrif aan die Departement Statistiek geskenk, asook die slingertipe handmodel-rekenmasjientjie waarmee prof Pretorius die berekeninge vir sy proefskrif gedoen het.

Dié masjien, wat uit die jare twintig dateer, is die oudste van 'n groot versameling rekenmasjiene (van handmodel tot elektries en elektronies) wat sedert die departement se ontstaan gebruik is en nou in die S.J. Pretorius-lokaal uitgestal word.

Prof Pretorius was 'n Oud-Matie (B.Sc., M.Sc. en HSOD alles met lof, 1925 - '27). In 1930, toe hy net 23 was, behaal hy 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Londen, word 'n dosent aan die universiteite van Cornell en Chicago in die VSA, en lê in 1931 die doktorale eksamen in ekonomie en landbou-ekonomie by Cornell af.

Hy het in 1933 op Stellenbosch begin klasgee, eers deeltyds, later as tydelike lektor en vanaf 1937 is hy vas aangestel as senior lektor. In 1946 word hy professor en hoof van die nuut gestigte Departement Statistiese Wiskunde.

Van 1956 tot sy aftrede in 1966 was hy die US-registrateur, wat destyds na die rektor die belangrikste pos aan die Universiteit was. Prof Pretorius het ook in die US-Raad gedien. Die Universiteit het in 1978 'n eredoktorsgraad aan hom verleen. Hy is in 1980 oorlede.

"Doktor Faantjie was 'n man uit een stuk. Hy was 'n nederige man en 'n vriend van sy studente," het die destydse rektor, prof H.B. Thom, met prof Pretorius se aftrede in 1966 gesê. Prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, het met die onlangse vernoemingsfunksie gesê prof Pretorius se lang verbintenis met die US is gekenmerk deur "sy onuitputlike werkkrag, hardnekkige deursettingsvermoë en onwrikbare lojaliteit."

Prof S J Pretoruis as registrateur, kort voor sy aftrede in die middel-sestigerjare

PUBLIEK KAN HELP MET USKOR-PROJEK

Die Universiteit van Stellenbosch se Klinieke Organisasie (Uskor) is 'n welsynsorganisasie wat na 'n beter toekoms vir al Suid-Afrika se mense strewe.

Daarom het Uskor onlangs 'n voedingsprojek onder leiding van die Departement Huis houdkunde aangepak.

Korrekte voeding, gesinsbeplanning, primêre gesondheid en ouer-kindverhouding maak deel uit van 'n poging om mense nie net reg te leer eet nie, maar om gehalte aan hul gesinslewe te gee.

Weens karnaval se verbintenis tot fondsinsameling vir Uskor, doen dié organisasie 'n vriendelike beroep op hulp. Oud-Maties se ondersteuning is van groot belang om dié noodsaaklike projek aan die gang te hou.

En 'n mens kan verseker wees dat jou bydrae wel vir dié doel gebruik sal word - karnaval samel slegs vir Uskor-projekte geld in.

Onthou, selfs R5 kan 'n verskil maak.

Maak asseblief tjeks/posorders uit aan: US Karnavalkommitee.

Rig enige navrae aan: Mev Galliét, ☎ 02231-773632 of skryf aan US Karnavalkomitee, Posbus 3118, Stellenbosch, 7600.

VISEREKTOR TREE AF

PROF. JAN DE BRUYN het aan die einde van die eerste semester as Viserektor (Bedryf) afgetree. Hy het dié pos vier jaar beklee nadat hy voorheen meer as 30 jaar 'n botaniedosent en die dekaan van Natuurwetenskappe was.

Sy skoolloopbaan is op Wolmaransstad in Wes-Transvaal voltooi. Hy was maar 14 toe hy gematrikuleer het, en net 18 toe hy B.Sc. aan die Potchefstroomse Universiteit behaal het. Ná 'n honneursgraad verwerf hy 'n M-graad in botanie met lof toe hy 21 was.

Hy het sy doktorsgraad vier jaar later, in 1954, aan die Universiteit van Chicago in die VSA behaal. In 1965 bring hy weer 'n jaar aan dié universiteit deur.

Aan die begin van 1957 het hy senior lektor in botanie op Stellenbosch geword. In 1968 word hy professor in plant-fisiologie en vanaf 1974 was hy ook voorsitter van die Departement Botanie.

In September 1976 is hy as dekaan van Natuurwetenskappe aangestel, in die plek van die huidige Rektor en Visekanselier, prof. Mike de Vries, wat toe Viserektor (destyds die enigste aan die US) geword het.

As Viserektor (Bedryf) was prof. De Bruyn o.m. verantwoordelik vir groot afdelings van die US, soos Informasietegnologie, die Koshuisadministrasie, Sport en Ontspanning, die Langenhoven-studentesentrum en die Afdeling Beplanning, asook vir die Studentegesondheidsdiens en die Seminaarsentrum.

As dekaan van een van die grootste US-fakulteite en selfs in die uiters bedrywige pos van 'n viserektor het prof. De Bruyn tyd ingeruim om deeltyds in die Departement Botanie vir voor- en nagraadse studente klas te gee wanneer dit moontlik was. So het hy deurentyd op hoogte van die vak gebly, en beklee nou ná sy aftrede 'n tydelike doseerpos in die departement.

Prof Jan de Bruyn (naasregs) by die afskeidsfunksie saam met die Kanselier, dr Jan van der Horst, prof Andreas van Wyk wat prof De Bruyn opvolg en prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier.

VOORLIGTING SE PIONIER GROET

Die Universiteit het ook formeel afskeid geneem van mnr Ernst Conradie wat einde April as direkteur van die Eenheid vir Studentevoorligting afgetree het.

Mnr Conradie was sedert 1964 aan die US verbonde. Hy was aanvanklik 'n personeellid van die Sielkunde-departement. In 1965 het hy die eerste hoof van die nuwe Buro vir Studentevoorligting geword. Die Buro (sedert enkele jare gelede Eenheid) vir Studentevoorligting het aanvanklik slegs twee personeellede gehad. Daar is nou 13, waarvan sewe professioneel gekwalifiseerde, geregistreerde sielkundiges is.

Slegs sedert 1973 het 108 000 mense by die eenheid oor hul loopbaan- en studiekeuses en -probleme om hulp aangeklop.

DEPARTEMENT VIER KWARTEEUFEES

DR BEN VOSLOO, die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie (KSOK) se besturende direkteur, was die geleentheidspreker op 'n dinee in Bellville toe die Departement Publieke Administrasie dié vak se kwarteeufees aan die US gevier het.

Dr Vosloo het publieke administrasie aan die US gevestig. Tot hy in 1985 KSOK toe is, was hy hoof van die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie, wat sedertdien aparte departemente geword het.

Intussen het die twee departemente se studentetal elk met 118% gegroei - Publieke Administrasie s'n veral nagraads.

Die dinee het saamgeval met die jaarvergadering van Vospa, 'n vereniging vir Oud-Maties wat in die publieke administrasie gestudeer het. Talle nuwe lede het vanjaar by die vereniging aangesluit.

Dr Johan Neethling, Kaapland se direkteur van Natuur- en Omgewingsbewaring, ontvang die Johny Barnard-wisseltrofee as 1990 se beste student in die Departement Publieke Administrasie van die trofee se skenker na wie dit vernoem is. By hulle is die departementshoof, prof Hans Gildenhuys.

Dr Johan Neethling, Kaapland se direkteur van Natuur- en Omgewingsbewaring, het by die dinee die Johny Barnard-wisseltrofee ontvang as die departement se beste student van 1990. Hy het einde verlede jaar die honneursgraad in publieke administrasie met lof behaal.

Die trofee is verlede jaar vir die eerste keer toegeken. Die skenker, mnr Johny Barnard, 'n afgetrede stadsklerk van Parow, het dit aan dr Neethling oorhandig.

HANDELS-FAKULTEIT NOU DIE GROOTSTE

Die Universiteit het vanjaar 14 550 studente - 419 meer as verlede jaar. En die Fakulteit van Handel en Administrasie het die grootste US-fakulteit geword, in die plek van Lettere en Wysbegeerte wat altyd die grootste was.

Dié syfers is bereken op die 4de Junie, omdat die eerste Dinsdag in Junie die sensusdag is waarop alle universiteite hul amptelike syfers vir die jaar bereken. Dit bepaal onder meer die staat se subsidie aan elke universiteit vir die komende jaar.

Die Fakulteit Handel en Administrasie met 3 671 studente (3 334 verlede jaar) is nou die US se grootste fakulteit, teenoor Lettere en Wysbegeerte (3 590 vanjaar; 3 553 in 1990) wat nog altyd die grootste was.

Nog vyf van die US se 12 fakulteite het elk vanjaar meer studente. Dié vyf is Geneeskunde (wat para-mediese kursusse insluit) met 2 016 studente (1 960 in 1990); Ingenieurswese 1 316 vanjaar (1 287 in 1990); Regsgeleerdheid met 341 (325); Bosbou met 218 (187) en Tandheelkunde met 258 (248).

Die ander vyf fakulteite se syfers, met verlede jaar s'n tussen hakies, is Natuurwetenskappe met 1 351 (1 421), Landbouwetenskappe 622 (627), Opvoedkunde 725 (734), Teologie 244 (252) en Krygskunde 198 (203).

Daar is vanjaar 2 939 eerstejaar-Maties, 113 meer as verlede jaar. Soos in vorige jare is die akademiese gehalte van die eerstejaars weer baie hoog, met minstens 15,2% van hulle wat 'n A-simbool ('n slaagsyfer van minstens 80%) in hul matriekeindeksamen behaal het, 26,0% met minstens 'n B-simbool (70%) en 37,3% met minstens 'n C-simbool (60%).

Dit beteken dat 78,5% van die 1991-eerstejaars met 60% en hoër in hul matriek-eindeksamens geslaag het (feitlik dieselfde as die 78,6% van die 1990-eerstejaars).

Altesaam 4 119 (dit is 28,3%) van alle US-studente studeer vanjaar nagraads (teenoor 28,8% verlede jaar).

Altesaam 80% van die Maties se huistaal is Afrikaans; 14,9% s'n Engels; 2,4% Afrikaans en Engels; 2,0% Duits, en die res (1,0%) ander tale. Die taalverspreiding is feitlik dieselfde as verlede jaar.

Ook die provinsiale herkoms van die studente is feitlik dieselfde as in 1990, met 81,3% van die studente wat uit Kaapland kom, 10,1% uit Transvaal, 3,6% uit Namibië, 2,6% uit Natal, 1,9% uit die Vrystaat, en slegs 0,5% van elders.

Altesaam 36,9% van die Maties bly in universiteitskoshuise of huise, 'n verdere 0,7% in privaatkoshuise; 13,1% in hul ouerhuise; 25,7% in hul eie huise; en die res in gehuurde kamers, woonstelle, ens.

MAATSKAPLIKE WERK VEREER OUDSTUDENT

Die Departement Maatskaplike Werk het as deel van sy 60-jarige bestaansviering vroeër vanjaar 'n oorkonde aan een van sy lojale en mees uitstaande oudstudente, dr Hendrien Lambrechts, oorhandig

Dr Lambrechts het aan die US 'n B.A.-graad (1938), M.A. in Maatskaplike Werk in 1942 en 'n doktorsgraad (1957) behaal.

Sy was as voorsitter van die destydse Vereniging van Maatskaplike Werkers in Suid-Afrika by die International Federation of Social Workers se stigting in Parys, Frankryk, betrokke. Sy het ook as haar land se verteenwoordiger in die internasionale liggaam se bestuur gedien.

Verder het sy ook leiding geneem in instansies soos die ACVV, Streekwelsynsraad vir Wes-Kaapland, Nasionale Behuisingskommissie en SA Raad vir Maatskaplike Werk.

Dr Lambrechts het ook tot die uitbou van Suid-Afrika se maatskaplike werk-literatuur bygedra. Sy was die skrywer of medeskrywer van verskeie vakpublikasies en was 'n inisieerder van die vaktydskrif *Maatskaplike Werk/Social Work* - die professie se lyfblad, wat sedert 1965 bestaan en in die Departement Maatskaplike Werk by die US uitgegee word.

Met die oorkonde loof die departement dr Lambrechts vir haar baie jare van diens aan maatskaplike werk en die aansien wat sy aan die professie in Suid-Afrika verleen het. Ander eerbewyse wat sy ontvang het, is die Dekorasie vir Voortreflike Diens (goudklas) en 'n Salus-toekenning.

Prof Narisscia Botha (links) het as hoof van die Departement Maatskaplike Werk die oorkonde aan dr Hendrien Lambrechts, gevierde oudstudent van die departement, oorhandig.

Die eerste kursus in maatskaplike werk aan die US is (saam met sosiologie) in 1931 aangebied. Sedert 1936 is die eerste grade (B.A.) in maatskaplike werk aangebied.

Nagraadse spesialis-kursusse wat sedertdien ingestel is, is dié in geneeskundige maatskaplike werk (waarmee in 1969 begin is) en in supervisie en bestuur (sedert 1978). Albei dié rigtings is aanvanklik op nagraadse diplomavlak, maar later ook as honneurs- en M.A.-kursusse aangebied.

Die departement het nou bykans 300 studente. Dit sluit 52 M.A.- en 12 doktorale studente in.



UITGESTORWE DIER DALK GOUER HERTEEL



Die genetiese herteling van die Kaapse kwagga, *Equus quagga quagga*, deur kundiges van die Universiteit het inderdaad momentum gekry.

Op die teelstasie naby Robertson is daar eerstens verlede jaar 'n vulletjie gebore wat volgens prof Hennie Heydenrych van die Departement Veekunde, wat in beheer van telingsbesluite staan, die projek "sommer met vyf jaar vooruitgesit het".

Tweedens is die projek uitgebrei deurdat die veevoervervaardigers Rumevite 'n kudde Vlaktesebras soortgelyk aan dié by Robertson, wat vir teeldoeleindes gebruik word, op 'n plaas by Pretoria gevestig het.

Albei teelstasies funksioneer onder dieselfde projekkomitee wat onder die voorsitterskap van dr Mike Cluver, direkteur van die SA Museum, Kaapstad, staan.

Rumevite en die projekkomitee het 'n ooreenkoms onderteken om diere op 'n gelyke grondslag uit te ruil. Teling word deur die US met prof Heydenrych aan die spits bepaal. Die gevolg van dié ooreenkoms is dat die projek verdubbel het, wat uit die aard van die saak sneller vordering meebring.

Die kwagga is 'n subspesie van die Vlaktesebra en die gene wat die kwaggakleur bepaal, kan dus in die Vlakte-sebra gevind word. Diere met die regte kleur en strepe word gepaar en stoetregisters word dus sorgvuldig gehou.

Daar is ook groot internasionale belangstelling in die projek. 'n Japanse televisiespan wat onlangs in Suid-Afrika was, het 'n bydrae oor die projek verfilm vir 'n Japanse TV-program oor die ekologie - iets soortgelyks aan SATV1 se 50/50.

Dié projek lê prof Heydenrych baie na aan die hart. Safari Club International en die jagtersvereniging van Amerika het o.m. ook geld hiervoor geskenk. Dit is egter 'n langtermynprojek en verdere skenkings sal verwelkom word



Die ooreenkoms vir bykomende hulp aan die projek om die uitgestorwe Kaapse kwagga te herteel, is onderteken deur prof Hennie Heydenrych, hoof van die Departement Veekunde, US, dr Mike Cluver, direkteur van die SA Museum, Kaapstad, mnr Dormehl Vosloo, verteenwoordiger van die Kaaplandse Jagters- en Natuurbewaringsvereniging, en dr Gerrit Louw, bemarkings-direkteur van Rumevite.

Bulgaar help om nuwe sport te bevorder

Conita Nel en Vladimir Danilchenko demonstreer 'n beweging in ritmiese gimnastiek.

'n Internasionaal gerekende dansinstrukteur, choreograaf en ritmiese gimnastiekafrigter uit Bulgarye, mnr Vladimir Danilchenko, het die Departement Menslike Bewegingskunde besoek waar hy 'n meesterklas in dans aangebied het en ook insette gelewer het by 'n kursus in ritmiese gimnastiek wat by die departement aangebied is.

Vladimir Danilchenko is in Rusland gebore en opgelei en het onder meer belangrike dans- en balletposte in Kiev en Volinsk beklee. Gedurende 1976 tot 1984 het hy Kanada gereeld as gasinstrukteur besoek en seminare daar aangebied.

Mnr Danilchenko woon en werk sedert 1985 in Sofia, Bulgarye, waar hy dié land se ritmiese gimnastiekspan, en van die spanlede individueel, afrig.

Hy word as een van die wêreld se topafrigters en -choreograwe in hierdie sportsoort beskou. Die Bulgaarse ritmiese gimnaste se span- en individuele deelname by wêreldkampioenskappe en die vorige Olimpiese Spele getuig van sy gehalteinsette en -afrigting.

Dié vlugvoetige Bulgaar is onder beskerming van die SA Gimnastiekunie na Suid-Afrika gebring, veral om ritmiese sportgimnastiek op nasionale en internasionale vlak in die land te bevorder.

Mev Estelle Latsky, wat in 1977 - '78 die heel eerste Suid-Afrikaanse kampioen in ritmiese sport-gimnastiek was, is nou 'n lektrise in dans en gimnastiek aan die Departement Menslike Bewegingskunde, US.

Sy sê toe sy 'n kampioen was, was dié sport nog heel onbekend. Goeie afrigting op nasionale vlak was onbekombaar. Die sport het nou eers weer begin herleef, danksy die werk van die Suid-Afrikaanse Amateur-gimnastiekunie.

Die besoek van mnr Danilchenko, wat 'n gevierde afrigter is, maak nou weer vir Suid-Afrika nuwe deure oop, sê mev Latsky. "Ons is baie bevoorreg om hom hier te hê en te sien watter sukses hy reeds met die nasionale gimnaste hier bereik het. Die standaard van ritmiese gimnastiek in Suid-Afrika toon reeds vordering weens mnr Danilchenko se insette.

Mev Latsky het onlangs 'n werkseminaar van verskeie dae wat hy aangebied het, bygewoon. Sy hoop om 'n gevorderde kursus in dié sport saam met hom en ander kundiges in September by die Universiteit aan te bied - die eerste keer dat so 'n gevorderde kursus in Suid-Afrika gehou word.

'n Matie, mej Conita Nel, 'n tweedejaarstudent in Menslike Bewegingskunde, is 'n lid van die nasionale span wat deur mnr Danilchenko afgerig word. Sy het al verskeie toekennings vir haar deelname aan ritmiese sport-gimnastiek ontvang. In Augustus 1990 het sy by die SA kampioenskapsbyeenkoms 'n eerste plek verower.

M

Tydens Vladimir Danilchenko se meestersklas aan die US lei Estelle Latsky (middel voor) die dansgroep om vir die besoeker 'n tipiese Suid-Afrikaanse dans, "Sanibonani, 'n dans vir 'n nuwe Suid-Afrika", te leer.

Coetzenburg kry weer 'n 'Matie-tweeling'

Deur Eben Human

Foto's : Hoffie Hoffmeister, Rapport

Die nuwe Matie-tweeling! Só het atletiekentoesiaste gejuig toe Johan Landsman en Jantjie Marthinus die afgelope seisoen in die middelafstande op die voorgrond getree het.

Landsman en Marthinus het die Eikestad weer in beroering

Johan Landsman

gehad soos in die dae van middelafstandsterre soos Danie Malan en Dicky Broberg. In die jare sewentig het laasgenoemde twee groot skares na Coetzenburg getrek wanneer hulle aanslae op wêreldtye in veral die 800 m gemaak het.

Broberg en Malan het in hul loopbane nog kans gekry om teen van die wêreld se bestes te hardloop én hulle te klop. Malan het in Europa 'n wêreldrekord in die 1 000 m geloop, terwyl hy en Broberg ook baie na aan die wêreldrekord in die 800 m gedraai het.

Om as waardige opvolgers vir hierdie twee beroemde Matiesterre beskou te word, is niks minder as vertonings van wêreldgehalte goed genoeg nie. In jare van algehele internasionale sportisolasie is dit nog moeiliker.

Marthinus het die afgelope twee jaar die Suid-Afrikaanse titel in die 800 m gewen en sy Junior Springbok-kleure verwerf. Hy het die kwalifiserende standaard vir Springbok-kleure gehaal en was eintlik baie ongelukkig om nie die Groen en Goud te verwerf nie.

Landsman se opgang die afgelope seisoen was merkwaardig. Die vorige seisoen was hy nog maar 'n baie middelmatige atleet, voordat hy na vore getree het met blitstye van 1 min. 45,63 sek. in die 800 en 3:36,30 in die 1 500.

Die ongeluk het Landsman ook gery. Hy het in Groenpunt Danie Malan se beste tyd van 3:35,98 in die 1 500 oortref, maar ongelukkig het dit agterna geblyk dat die atlete by die verkeerde plek weggespring en sowat 5 meter kort gehardloop het.

Dat Landsman en Marthinus groot sportmanne is, het nog meer geblyk uit hul uitsprake ná hul terugslae.

"Dit is 'n tydelike terugslag. Ek wil nog baie vinniger hardloop," het Landsman gesê ná die Groenpuntfiasko waarna ander deelnemers die atletiekbeamptes wou afslag.



Jantjie Marthinus

Ondanks sy Suid-Afrikaanse titel, was Marthinus baie teleurgesteld dat hy nie die afgelope seisoen op Broberg en Malan se beste 800-tye kon verbeter nie. "Ek was reg vir top-tye. Hou my aanstaande seisoen dop," het hierdie nagraadse student in die Menslike Bewegingskunde gesê.

Landsman en Marthinus het albei voorheen aan die Universiteit van Wes-Kaapland gestudeer. Marthinus, 'n boorling van Ceres se wêreld, het in 1984 sy B.A.-graad behaal. Hy het daarna ook 'n honneursgraad en onderwysdiploma behaal voordat hy Matie geword het. Marthinus het onlangs 'n huis op Stellenbosch gekoop en werk tans aan sy M-graad.

Landsman, wat sy kinderdae in Ravensmead en Kraaifontein geslyt het, het aanvanklik in die Regte gestudeer. Hy volg nou 'n kursus in Publieke Administrasie en hoop om eendag prokureur te word of dalk 'n boer soos sy pa.

Die twee top-sportmanne het hulle na Matieland gewend nadat hulle besef het hulle kan nie meer vorder as Sacos-atlete nie. Die lenige Landsman was aanvanklik tennisspeler, maar het die gebrek aan geriewe en geleenthede baie frustrerend gevind. Hy het hom daarna na atletiek gewend en vinnig opgang begin maak nadat hy soos Marthinus deur die topafrigter Bobby McGee onder hande geneem is.

"Om nou verder te vorder, gaan internasionale deelname vir ons baie belangrik wees. Ons kan nie wag om teen oorsese atlete te hardloop nie," sê Landsman.

McGee moet baie lof kry vir die welslae waarmee hy nie net twee top-atlete nie, maar ook baie gewilde sportpersoonlikhede, tot dusver gelei het. Al drie is baie nederig en leef hul Christelike beginsels uit.

Die dag van hul eerste oorsese wedlope is dalk naby. In internasionale geselskap kan Landsman en Marthinus uiteindelik blom en dalk Matieland sy volgende wêreldrekordhouer in atletiek besorg.

M

BEVORDER EN AANGESTEL

Onder die senior dosente wat onlangs by die Universiteit bevorder of aangestel is, is ses professore en sewe medeprofessore. Hulle is:

Prof Perold

Prof W.J. (Willem) Perold is van medeprofessor tot professor in elektroniese ingenieurswese bevorder. Hy het B.Ing. en M.Ing. (1976, '77) en 'n D-graad in die ingenieurswese (1986) aan die US behaal.

Voordat hy in 1982 aan die Universiteit aangestel is, was hy projekingenieur by die SA Seinkorps. Hy was medeprofessor sedert 1987, en was o.m. 'n besoekende navorser aan die Hirst-navorsingslaboratorium in Engeland.

Prof Bosman

Prof H.L. (Hendrik) Bosman is as professor in die Departement Ou Testament, Fakulteit Teologie, aangestel. Hy het aan die UP en in die buiteland gestudeer en was 'n dosent aan Unisa, waar hy sedert 1988 professor was.

Prof Van der Berg

Prof Servaas van der Berg is tot professor in die ekonomie bevorder nadat hy sedert 1989 medeprofessor was. Hy het aan die Universiteit van Natal gestudeer, waarna hy M.Com. aan die UP behaal het en 'n doktorsgraad in 1987 op Stellenbosch verwerf het.

Prof Van der Berg was 'n koerantverslaggewer in Pretoria en senior ekonoom by Benso voordat hy in Januarie 1982 as ekonomiedosent aan die US aangestel is.

Prof Jordaan

Prof H.A. (Barnie) Jordaan het professor in handelsreg geword nadat hy sedert sy aanstelling aan die US in 1983 senior lektor in dié vak was. Hy het B.A. in 1978 en LL.B. met lof in 1980 op Stellenbosch behaal en het reeds sy LL.D.-studie voltooi.

Prof Dunaiski

Prof P.E. (Peter) Dunaiski is van senior lektor tot professor in siviele ingenieurswese (rigting staalbou) bevorder. Hy het Hons.-B.Ing. in 1974, M.Ing. met lof in 1984 en 'n doktorsgraad in die ingenieurswese vroeër vanjaar aan die US behaal.

Prof Dunaiski is sedert 1978 aan die US verbonde, aanvanklik aan die Instituut vir Struktuuringenieurswese en sedert 1979 as dosent in siviele ingenieurswese.

Prof Pienaar

Prof W.J. (Wessel) Pienaar het professor in vervoerkunde geword. Hy is sedert vroeg vanjaar aan die US verbonde, aanvanklik as tydelike senior navorser by die Sentrum vir Vervoernavorsing. Voorheen was hy o.m. 'n senior hoofnavorser by die WNNR, medeprofessor in vervoerekonomie by Unisa en uitvoerende projekbestuurder van Tramway Holdings, Kaapstad.

Hy het M.Econ (1981) aan die US behaal, asook 'n M-graad aan die Universiteit van Kalifornië en D.Com. by Unisa.

Prof Coetzer

Prof W.A. (Tokkie) Coetzer het medeprofessor in mens- en dierfisiologie geword. Hy het Ph.D. (Agric) in 1979 aan die US behaal nadat hy aanvanklik aan die UOVS gestudeer het. Hy was aan die Departement Landboutegniese Dienste verbonde voordat hy in 1980 senior lektor op Stellenbosch geword het.

Prof (kmdt) Chris Nelson is tot medeprofessor in die krygskunde (rigting staatsleer) bevorder. Hy het aan die UOVS gestudeer voordat hy in 1988 D.Phil. aan die US behaal het. Sedert 1970 is hy aan die Departement Staats-

Prof Nelson

leer, Fakulteit Krygskunde, verbonde. In 1978 het hy senior lektor geword en sedert 1983 is hy hoof van dié departement.

Prof T.J. (Tobie) de Coning, voorheen hoofnavorser en hoof van die Eenheid vir Entrepreneurskap en Kleinsake-bestuur, Instituut vir Toegepaste Bestuurswetenskappe, het medeprofessor in besigheidsbestuur en -administrasie geword. Hy het B.Mil., 'n honneursgraad, MBA met lof en Ph.D. (1972 - '88) aan die US behaal. Voor hy in 1983 aan die US aangestel is, was hy 'n weermagoffisier, werksaam by Anglo American en was hy die Parow-

Prof De Coning

Prof Loxton

Dr van Niekerk

Mnr Ivor-Pullin

munisipaliteit se personeelbestuurder. Hy het o.m. vier buitelandse studiereise onderneem en daar kongresreferate gelewer.

Proff W.D. van der Walt, Leon Loxton en P.J. (Basie) Brink het almal medeprofessore in rekeningkunde geword.

Prof Van der Walt het B.Comm., S.T.R., M.Rek. en D.Rek. gedurende 1966 - '83 aan die US behaal. Voor hy in 1970 aan die Universiteit aangestel is, was hy aan Theron, Van der Poel en Kie. verbonde. Hy is

sedert 1970 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur, en

Prof Brink het B.Rek. en Hons.-B.Rek. (1977 - '78) aan die US behaal. Nadat hy aanvanklik aan die firma Welby Steward en Kie. verbonde was, is hy vanaf Julie 1983 as senior lektor in rekeningkunde aan die Universiteit aangestel.

Prof W.B. (Wilhelm) Cronje, wat senior lektor in siviele ingenieurswese was, is tot medeprofessor in die rigting vervoeringenieurswese bevorder. Hy het B.Sc.Ing. aan die Universiteit Kaapstad, asook M.Ing. met lof (1979) en Ph.D. (1985) aan die US behaal. Nadat hy o.m. aan die stadsrade van Kaapstad, Parow en Bellville verbonde was, is

Studentevoorligting geword. Hy is sedert 1971 aan die Eenheid (voorheen Buro) verbonde en was adjunk-direkteur vanaf 1981. Voorheen was hy 'n onderwyser en vakinspekteur. Hy het B.A., S.O.D., B.Ed., M.Ed., D.Ed. (opvoedkundige sielkunde) en M.A. (voorligtingsielkunde) gedurende 1957 - '82 aan die US behaal en het o.m. twee buitelandse studiebesoeke afgelê.

Prof G.M. (Muller) Ballot is in 'n nuwe pos as direkteur van die Universiteitsmuseum aangestel. Die museum word in Oktober amptelik geopen. Dit is in die

Mnr. John Ivor-Pullin, wat as koor- en orkesorganiseerder by die Konservatorium aangestel is. Hy is vir die Universiteitskoor, US-simfonieorkes, -strykensemble en -simfoniese blaasensemble asook Konservatorium-orkes se administrasie verantwoordelik. Mnr. Ivor-Pullin was die afgelope tien jaar Truk se musiekbestuurder en voorheen Kruik s'n. Hy het vroeër vanjaar vir die Baden-Baden-simfonieorkes se toer deur Suid-Afrika as bestuurder opgetree.

Mnr B.J. (Barry) van der Merwe van Pretoria wat by die Universiteit se Transvaalse kantoor

Prof Van der Walt

Prof Brink

Prof Ballot

Mnr van der Merwe

was 'n lid en die sekretaris van die Franzen-kommissie, adviseur van die Margo-kommissie en 'n lid van die Marais-kommissie.

Prof Loxton het B.Sc., B.Rek. en Hons.-B.Rek. gedurende 1974 - '78 aan die US behaal. Voordat hy in Julie vanjaar aan die US heraangestel is, was hy ook van 1987 tot middel-1990 'n senior lektor aan die US. Hy was ook o.m. verbonde aan Mercabank en Boland Bank en was senior finansiële bestuurder van die Kredietwaarborg Verseker-ingskorporasie van Afrika.

hy sedert 1972 'n US-dosent. In 1982 - '83 was hy assosiaat-navorsingsingenieur aan die Texas Transportation Insitute.

Prof Cronje

Nog onlangse aanstellings is:

Dr J.F. (Jan) van Niekerk het direkteur van die Eenheid vir

gerestoureerde ou Bloemhofskoolgebou op die kampus ingerig en staan bekend as die Eben Dönges-sentrum. Die Sasol-kunsmuseum wat die US se ruim kunsversamelings huisves, beslaan 'n deel van die sentrum.

Prof Ballot het gestudeer op Potchefstroom, in België en aan die UP waar hy 'n doktorsgraad behaal het. Behalwe vier jaar (1981 - '85) toe hy die raad vir kultuuraangeleenthede by die SA ambassade in Wes-Duitsland was, was hy sedert 1964 verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit waar hy hoof van die departement kunsgeskiedenis was.

in Johannesburg as senior skakelbeampte aangestel is.

Hy het B.A., SOD en B.Ed. (1968, '70, '81) aan die US behaal. Gedurende 1970 - '83 het hy onderwys gegee by die hoër skole Zwaanswyk en Tygerberg en Hoër Handelskool Tygerberg, waarna hy aan die Departement Nasionale Opvoeding in Windhoek verbonde was. Sedert verlede jaar was hy aan die SA Geneeskundige Dienste verbonde.

Mnr Van der Merwe is vir die skakeling met Oud-Maties in Transvaal verantwoordelik.

JONKER WEN MURRAYPRYS

Prof Willie Jonker, dosent in Dogmatologie aan die Kweekskool, het die gesogte Andrew Murray-prys vir Afrikaanse teologiese publikasies gewen. Dit is toegeken vir sy boek *Uit vrye guns alleen,* 'n werk oor die uitverkiesing wat in 1988 verskyn het.

Die boek is 'n hoogtepunt van prof Jonker se publikasies en 'n uitmuntende werk in die internasionale teologiese wêreld, het een van die beoordelaars, Oud-Matie prof Etienne de Villiers van Wellington, met die prystoekenning gesê.

Prof Hennie Rossouw, Viserektor (Akademies), was die geleentheidspreker by dié prystoekenning vroeg in Junie in Kaapstad.

Agtien werke van tien uitgewers is vanjaar vir die prys oorweeg. Dit word jaarliks toegeken, om die beurt vir vakliteratuur en algemeenteologiese publikasies.

Prof Jonker het R5 000 prysgeld, 'n oorkonde en 'n goue penning ontvang. Hy het die prysgeld gebruik om Duitsland in die Julievakansie op uitnodiging van die Evangelische Kirche Deutschland te besoek.

Verlede jaar het prof Jonker vir sy teologiewerke as geheel die SA Akademie se Totiusprys vir teologie en die grondtale van die Bybel ontvang. Voorheen het hy ook die Credoprys vir een van sy boeke ontvang, en in 1980 is 'n werk van hom deur die Rapportryers as die beste teologieboek van die jaar bekroon.

Prof Willie Jonker.

Prof Jonker is sedert 1971 'n teologiedosent aan die US. Hy dien ook as Senaatsverteenwoordiger in die Universiteitsraad.

Oud-Maties wat in 1992 die Nagraadse Diplomakursus in Vertaling wil volg, moet voor 31 Oktober 1991 aansoek doen as hulle nie vanjaar reeds ingeskrewe studente is nie. Die toelatingsvereistes is 'n goedgekeurde B-graad en die geslaagde aflê van 'n taalvaardigheidstoets. Navrae: mnr G. Kroes, Departement Afrikaans en Nederlands, ☎ 02231-772155.

'n Amerikaanse geleerde wat die Kweekskool onlangs besoek het, prof Jack Kingsbury van die Union Theological Seminary in Richmond, Virginia, is hier (middel) saam met US-dosente dr Ben du Toit en prof Bernard Combrink, albei van die Departement Nuwe Testament.

Prof Kingsbury het verskeie lesings en ook 'n openbare voorlesing by die Kweekskool aangebied. Hy is die redakteur van Interpretation, die teologiese tydskrif met waarskynlik die grootste getal intekenaars. Hy is ook internasionaal bekend vir verskeie werke oor die Mattheüs-, Markus- en Lukas-evangelies.

TRUIE, HEMDE VAN RUGBYKLUB TE KOOP

Die Rugbyvoetbalklub Stellenbosch bied sy pragtige nuwe kort- en langmouhemde en -truie asook 'n tennishemp vir Oud-Maties te koop aan. Jaksie Wentzel is die mooi Matie-meisie wat hier saam met vier van die klub se topspelers wys hoe die nuwe klere lyk. Die spelers is (kloksgewys van links agter) Louis Blom, Andre Human, Wium Albertyn en Francois Horn.

Noudat Suid-Afrika se terugkeer tot internasionale rugby in sig is, is dit lekker om d.m.v. so 'n hemp of trui te assosieer met dié klub, waarop elke Oud-Matie trots kan wees. En wie weet, dalk speel een van dié manne op die foto nog in die Groen en Goud.

Die truie en hemde kan direk van die klub bestel word. Die pryse (posgeld ingesluit, en geen AVB betaalbaar nie) is:

Tennishemp: R25; Kort- of Langmouhemp, met gedrukte Rugbyklubwapen: R30; Kort- of langmouhemp met geborduurde klubwapen: R35; Kort- of langmoutrui: R40.

Stuur die geld en 'n duidelike aanduiding van presies watter kledingstukke verlang word, aan: Rugbyklub, Universiteit, Stellenbosch, 7600

• Die klub het ook 'n baie beperkte oplaag van die boek "Met die Maties op die rugbyveld, 1880-1955," beskikbaar. Dié versamelstuk (325 bll., met talle foto's) is met die klub se 75ste bestaansjaar uitgegee. Voornemende kopers kan mnr Dawie Snyman (☎ 02231-774680) skakel. M



1960-KLAS HOU REÜNIE

Die 1960-B.Comm.-klas het vroeër vanjaar op Stellenbosch reünie gehou - die eerste keer sedert hulle 31 jaar gelede afgestudeer het. Agtien van die 23 reüniegangers is hier by die Langenhoven-studentesentrum. Agter: Niel Metlerkamp, Jan Kroese, Chris la Grange, Henri Tromp en Peet de Lange. Middel: Edwin Whittle, Mike van Schalkwyk, Annette Frank, Rudo van Rensburg, Arnold Peacey en Willie Fourie. Voorste ry: Ritzema de la Bat, Faan Cronjé, Ina Montini, Susarah Wessels, De Mist van Zijl en Corneels Swanepoel. Heel voor: Johan Jonk.

Die naweeklange reünie het etes by die Volkskombuis en die Neelsie, 'n kampustoer, 'n skaapbraai by 'n wynlandgoed en saam kerk toe gaan in die Studentekerk ingesluit. Vir baie van hulle was dit die eerste keer sedert hul studentejare dat hulle mekaar weer gesien het. Hulle was destyds 'n klas van 51 finalejaars, waarvan vier sedertdien oorlede is. Verskeie van dié klas het baie sukses in die sakewêreld behaal. Dit is opvallend dat baie van hulle feitlik hul hele loopbaan by dieselfde werkgewer was.

Ná die geslaagde reünie beoog hulle om binne vyf jaar weer so te maak - volgende keer hopelik in Transvaal, om meer mense wat daar woon die kans te gee om dit by te woon. M

1990-UITGAWES WAS BYNA R190 MILJOEN

Die Universiteit se totale uitgawe was verlede jaar R189 423 800, wat sowat R27,3 miljoen meer as die vorige jaar was. Dit blyk uit die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries, se 1990-jaarverslag wat in die eerste semester vanjaar vrygestel is.

Akademiese bedrywighede het verlede jaar weer die grootste deel van die totale uitgawe nl. meer as R166,8 miljoen bedra. Koshuisuitgawes het 'n verdere sowat R18,4 miljoen en die Langenhoven-studentesentrum sowat R4,1 miljoen van die totale uitgawes uitgemaak.

Personeelvergoeding het 74,3% van die lopende uitgawe bedra, wat feitlik dieselfde as in 1989 was. Meer as R10,9 miljoen is aan geboue en konstruksiewerk, meer as R11,6 miljoen aan kapitaaltoerusting en sowat R4,3 miljoen aan boeke en tydskrifte bestee.

Prof De Vries meld in die verslag dat beurse en lenings van meer as R17 miljoen aan Maties toegeken is. Dié geld kom uit die US se eie fondse en ook van die staat, semi-staatsinstellings, private ondernemings en ander instansies.

Die Universiteit het ook verlede jaar meer as R22,8 miljoen aan navorsing bestee, waarvan R5,8 miljoen deur private instansies aan navorsingsinstitute, ens. van die US beskikbaar gestel is.

Uit die staatsubsidie is ongeveer R3,4 miljoen vir regstreekse navorsing aangewend, waarvan R385 967 vir nagraadse beurse. Nog 2,4 miljoen is deur verskillende instansies vir nagraadse beurse bewillig.

Verskillende navorsingsprojekte is ruim uit die Stellenbosch 2000-fonds se opbrengs ondersteun. Uit dié bron is 'n verdere R385 967 vir nagraadse beurse aangewend.

Onderriggelde het gesorg vir sowat 20,4% van die Universiteit se inkomste, terwyl sowat 74,3% uit subsidie verkry is.

Ander interessante statistiek uit die 1990-jaarverslag is dat die US-biblioteekdiens 541 724 boeke gehuisves het, teenoor 532 563 in 1989. Die getal lopende tydskrifte het tot 7 030 gestyg en die gebonde tydskrifte tot 248 018. Die Biblioteekdiens het 437 047 boeke en ander inligtingstukke in die verslagjaar uitgeleen.

Die Eenheid vir Studentevoorligting het 6 331 onderhoude met studente, voornemende studente, diensplichtiges en ouers gevoer.

In 1990 was daar 2 909 US-personeellede, insluitende 748 akademici, 86 navorsers, 85 uitvoerend/administratiewe personeel, 94 spesialis-ondersteuningspersoneel, 480 administratiewe personeel, 386 tegnici, 864 dienswerkers en 146 vak- en ambagslui.

Prof De Vries sê vanweë die swak ekonomie het 'n voortgesette program van rasionalisering teweeggebring dat die beste gebruik gemaak word van geriewe en toerusting en dat menslike en ander bronne beter benut word.

In sy oorsig by die jaarverslag sê hy ook dat die sosiopolitieke veranderinge wat in 1990 in die land op dreef begin kom het, reeds heelwat positiewe gevolge vir die universiteitswese gehad het.

"Talle deure in die buiteland het na baie jare weer begin oopgaan en ons personeel wat oorsese studiereise onderneem het, is gul ontvang in 'n aantal lande waar ons voorheen nie welkom was nie." Meer buitelandse akademici, navorsers en andere het die US besoek. Kongresse en simposia by die Universiteit het ook 'n sterker internasionale karakter aangeneem, sê prof De Vries.

M

KANNEMEYER HOU GEDENKLESING

Dr John Kannemeyer (heel links) van Pretoria het die derde tweejaarlikse D.J. Opperman-gedenklesing in die H.B. Thom-teater aangebied. By hom is prof Johan Smuts, voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands, wat die lesing gereël het, mev Marié Opperman, weduwee van prof Dirk Opperman, na wie die lesing vernoem is, en prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier.

Die gedenklesing word aangebied ter nagedagtenis aan dié Afrikaanse digter, dramaturg en kritikus wat van 1960 tot sy aftrede in 1979 professor in Afrikaanse letterkunde aan die US was en ook 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang het.

Dr Kannemeyer, 'n Oud-Matie en voormalige dosent in Afrikaanse letterkunde aan die US, het wyd oor Opperman se werk gepubliseer en ook 'n biografie oor hom geskryf. Prof A.P. Grové van Pretoria het die vorige D.J. Opperman-gedenklesing aangebied en prof Lina Spies, van die Departement Afrikaans en Nederlands, US, die eerste een in 1987.

M

5de

OUD-MATIE AAN DIE SPITS BY WAT

Mnr Hauptfleisch

Dr Van Schalkwyk

Dr Dirk van Schalkwyk wat op 1 Augustus die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se hoofredakteur geword het, is 'n Oud-Matie - net soos sy vier voorgangers sedert die WAT se ontstaan in 1926. Dr Van Schalkwyk het mnr Niël Hauptfleisch wat afgetree het, opgevolg.

Die eerste WAT-redakteur was prof J.J. Smith, 'n oud-student van die Victoriakollege, en van 1914 tot 1925 'n dosent aan die kollege en latere Universiteit. Hy is opgevolg deur dr P.C. Schoonees, ook 'n oud-student van die Victoriakollege. Sy opvolger was dr F.J. Snijman, wat SOD aan die US behaal het en in 1947 vir 'n jaar as Afrikaanse taalkundedosent aan die US waargeneem het.

Sedert sy ontstaan 65 jaar gelede, is die WAT aan die US gesetel. Die US-rektor is ampshalwe voorsitter van die WAT se beheerraad.

Mnr Hauptfleisch het B.A. en M.A. albei met lof aan die US behaal. Hy is in 1958 in die WAT se redaksie aangestel, het in 1966 assistent-hoofredakteur geword, en was sedert 1981 hoofredakteur.

'n Hoogtepunt van sy hoofredakteurskap was die driemiljoenste kaartjie wat in Augustus 1983 tot die Buro se materiaalversameling toegevoeg is. Nog 'n hoogtepunt was die verskyning van deel VII van die WAT in 1984. Deel VIII verskyn na verwagting later vanjaar. Dit beslaan 584 bladsye en voltooi die omvangryke letter K.

Die strategiese beplanning van die Buro het ook aandag geniet en in 1989 is 'n verslag hieroor aan die Beheerraadvoorsitter, prof Mike de Vries (die US se Rektor en Visekanselier) voorgelê.

Dr Van Schalkwyk het B.A., Honns.-B.A., S.O.D. en M.A. gedurende 1965 - '77 aan die US behaal en in 1986 die Senior Bestuursprogram aan die US se Bestuurskool gevolg. In 1984 het hy 'n doktorsgraad aan die RAU verwerf.

Gedurende 1968 - '70 was hy mederedakteur van die WAT. Daarna het hy 'n akademiese loopbaan gevolg, aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands en aan die Akademie, Windhoek, waar hy viserektor was. Hy is sedert 1989 weer aan die Buro van die WAT verbonde.

Dr Van Schalkwyk sê die WAT is nou so spoedig moontlik op pad na die letter Z. Hy sien ook in die toekomstige Suid-Afrika 'n groter rol vir die WAT as net 'n suiwer Afrikaanse woordeboek. "Dit is een van die beste projekte in Afrika. Om dit dood te maak sal sinloos wees. Ons moet eerder ander tale bykry wat elk sy eie woordeboek opstel."

Hy voorsien ook dat die WAT finansieel onafhanklik sal word. Satellietwoordeboeke met 'n spesifieke tema word voorsien om geld te genereer en tariewe vir navrae aan die WAT word ook beoog.

GUEST HOUSE • GASTEHUIS

TEL 02231-833555 FAX 02231-98174

* **Akkommodasie: bed en ontbyt. 'n Maksimum van 6 mense word gehuisves - sodat die familie op 'n persoonlike en meer eksklusiewe wyse kan diens lewer.**
* **Een kothuis en twee dubbelslaapkamers (en suite) beskikbaar.**
* **TV, yskas, tee- en koffiemaakgeriewe in elke suite/kothuis.**
* **Ander geriewe: vleisbraai, spa, sauna, stoombad en onderdakparkering. Advies en hulp oor ander akkommodasie, eiendom te koop in en om Stellenbosch, besigtigingstoere, ens.**
* **Tariewe vanaf R65 per persoon vir bed en volledige tradisionele ontbyt (verder onderhandelbaar vir Maties en Oud-Maties).**

PRYSE VIR 19 KAARTHOUERS

Oud-Matie mev Linda Burger van Dibeng, Noord-Kaapland, het die eerste prys in die 1991-wedstryd vir Volkskas se Oud-Matie-kaarthouers - 'n jaar se gratis inwoning in 'n US-koshuis - losgeslaan. Omdat haar drie kinders (drie jaar, ses jaar en nege maande oud) nog te klein is, het sy die prys se kontantwaarde verkies.

Bykans 2 000 kaarthouers spog reeds met dié Oud-Matie-kaarte. Volkskas betaal 'n deel van sy wins daaruit aan die US. Vanjaar - twee jaar nadat die kaart ingestel is - is R13 350,27 hiervoor aan die Universiteit oorhandig.

Volgens elke kaarthouer se keuse dra sy gebruik van die kaart by tot een van vyf kategorieë: beurse en lenings, navorsing en algemene universiteitsbehoeftes, die US-Koor, die Rugbyklub, en ander sportklubs.

Naas mev Burger, het nog 18 kaarthouers met vanjaar se prystrekking pryse losgeslaan. Hulle is: 2de prys (vakansieverblyf op die US-kampus in die komende somervakansie): Mnr en mev P Oosthuizen van Monte Vista, Parow; 3de prys (klere van Pikkie Blommaert-mansuitrusters, Stellenbosch): mnr en mev M Bode, Glenanda-Noord, Johannesburg; 4de prys ('n kis vonkelwyn): mnr en mev AJ Turck, Windhoek; 5de prys (etes, Volkskombuis-restaurant, Stellenbosch): mnr en mev ED Marais, Bellville; 6 - 15de pryse: ('n kis wyn elk): mnr JJG Burger, Kleinmond; dr en mev S Frank, Caledon; mnr en mev JC Badenhorst, Paarl; mej CM Malherbe, Zonnebloem; mev PJ Van der Ahee, Cradock; mnr LH Kruger, Duynefontein; ds en mev JF Hay, Pietermaritzburg; mnr en mev PSVH Heyns, Windhoek; prof en mev S Lategan, Umtata; mnr en mev A Beyers, Riviersonderend; 16de prys (geskenkpak van Langeberg-koöperasie): ds en mev JP van N Marais, Brackenfell; 17de prys (kaartjies vir US-koor of -orkeste): mev SG Zeeman, Somerset-Wes; 18de prys (rugbykaartjies): dr en mev DR Perkins, Somerset-Wes; en 19de prys (atletiekkaartjies): mnr en mev JH van Heerden, Bloubergstrand. M

Mnr Albert van Zyl, Volkskas se takbestuurder op Kuruman, het die wentjek vir die eerste prys in vanjaar se Volkskas-Oud-Matiekaart-kompetisie aan mev Linda Burger oorhandig

SIELKUNDE WORD 75 IN 1992

Die Departement Sielkunde wil sy driekwarteeufees in 1992 by verskeie geleenthede gedurende die jaar vier. Sy studente en oud-studente asook die publiek - op en weg van die kampus af - gaan betrek word.

Sielkunde-werkwinkels, psigo-opleidingsprogramme en lesings deur genooide sprekers gaan aangebied word. Praatjies word o.m. by die US-koshuise beoog om die departement se werksaamhede - en veral dié van die eenhede vir Voorligtingsielkunde, Studentevoorligting en Kliniese Sielkunde - op die kampus bekend te stel.

'n Reünie vir oud-studente, 'n sportdag en 'n feesblad word ook beplan.

Meer besonderhede sal later bekend gemaak word. Die departement se oud-studente word almal genooi om hul name en adresse te stuur aan dr Dawie Swart, Departement Sielkunde, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-773453. M

SCULLY 'HAPPENING' ON GIANT SCREEN

Coetzenburg was the venue recently for another "happening" by Prof Larry Scully, well known artist, skilled photographer and retired head of the Creative Arts Department at the University. His latest multi-image performance was entitled "Around the world in 86 minutes."

Prof Scully in his studio in Stellenbosch, selecting the 1 000 slides for his latest "happening".

Scully projected 1 000 slides onto a giant screen (10 by 45 metres) specially built for this performance in the University's D.F. Malan Memorial Hall.

Prof Scully took the slides last year on a tour which included England, Europe, Israel, the Far East, Australia and the USA. The show was accompanied by Scully's own selection of music and other sound effects, including the recorded voices of philosopher Bertrand Russel, Prince Charles and Pope John Paul II.

Five manually controlled projectors, handled solely by the artist himself, were used to present the show. There was no rehearsal. And when the show ended, the thousand slides which Scully had carefully selected and organised during many months, were lying jumbled in a box next to the exhilarated, exhausted emeritus professor.

"I can never put them together like this again," he said. "This was a once-only performance."

The enormous screen was dismantled the next day by the University's Building and Maintenance Department, who had designed and built it.

Scully's "happenings" have evolved from a small, informal slide show for an appreciative group of friends over 30 years ago. Recent "happenings" include "From home to Rome etcetera" in the Endler Hall at the Conservatoire in 1989.

This year's performance at Coetzenburg was presented in collaboration with the University's Public Relations Department. Prof. Scully donated the proceeds of his show to the Stellenbosch 2000 Fund of the University. The Fund benefitted more than R13 000 from the evening.

Approximately 750 people filled every available seat. For those with more expensive tickets, there was a candle-lit dinner where Prof Scully was the guest of honour, before the performance. The "happening" was attended by admirers of Scully and his art who had travelled from as far afield as Johannesburg to attend.

M

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en ander wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

Mnr CR Burger (55) van Wellington wat B.Comm. (1961) behaal het.

Dr JI (Jaap) de Villiers (85) van Kemptonpark, wat gedurende 1927 - '32 M.Sc.(Agric) en Ph.D.(Agric.) in landbouchemie behaal het; en Ph.D. in 1938 te Cornell, VSA, behaal het, waar hy volle lidmaatskap verkry het van Sigma Xi, 'n eksklusiewe genootskap van gevorderde wetenskaplikes; was verbonde aan die sitrusnavorsingstasie op Nelspruit en was senior skeikundige by African Realty Trust wat hom in 1945 as raadgewende tuinboukundige vir die Zebediela-, Letaba- en Muden-sitrusplantasies aangestel het; het baanbrekerswerk in die SA sitrusbedryf gedoen; en is as die voorste kenner oor blaaranalise in dié bedryf beskou.

Mnr AP Dippenaar (53) van Eldoraigne, Verwoerdburg, wat B.Sc., B.Ing. (1960) behaal het.

Mnr GP (Gerry) du Toit (50) van Johannesburg, wat B.Comm. en Hons.-B.Comm. (1962, '65) behaal het; bemarkingsbestuurder van AECI was; en wat as student kaptein was van die Matiemanshokkiespan en die WP-span asook 'n lid van die SAU-span wat in 1961 - '62 oorsee getoer het.

Mnr PJ Eksteen (71) van Reitz, wat B.Sc. (Agric) in 1941 verwerf het.

Mev JLM Goosen (74) van Bellville, wat H.P.O.D. (1938) behaal het.

Dr TJ Hugo van Hermanus wat B.Sc. en M.Sc. (1946, '47) asook D.Sc. (1953) behaal het.

Dr AJH (Johan) Labuschagne (63) van Somerset-Wes wat D.Sc. in organiese chemie (1970) behaal het nadat hy aan die UP en aan Unisa gestudeer het; wat vanaf 1967 as lektor en sedert 1971 tot met sy dood senior lektor in chemie aan die US was; voorheen werksaam was by die Departement van Landbou, die SA Buro vir Standaarde, as hoërskoolonderwyser, en as dosent by die Aptekerskool van die destydse Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys; in 1975 by die Rijksuniversiteit, Nederland, en in 1985 by die Universiteit van Delaware, VSA, navorsing gedoen het; en o.m. as bestuurslid van die SAIC in Wes-Kaapland gedien het.

Mev EM Latsky (76) van die Strand wat B.A. (1935) behaal het.

Dr Johan Labuschagne

Dr Piet Marais

Mnr Heinrich Liebenberg (90) van Berea, Durban, wat B.A. (1919) behaal het.

Dr PG (Piet) Marais (63) van Stellenbosch wat M.Sc. in fisika met lof (1949) en D.Sc. in fisika (1952) behaal het; in 1955 aan Oxford 'n tweede doktorsgraad, in die landbouwetenskappe, behaal het; afgetrede direkteur van die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Vrugtetegnologie op Stellenbosch; 'n ereprofessor in Voedselwetenskap aan die US sedert 1988; het die NIVV (waaraan hy van 1948 tot 1987 verbonde was) se "historiese tuin" begin en uitgebou; en is o.m. vereer met 'n silwermedalje en erelidmaatskap van die Misstofvereniging van SA en met 'n goue medalje van die Kaaplandse Pomologiese Vereniging.

Prof JG ("Gans") Meiring (92) van die Paarl wat B.Sc. (1918) en B.Ed. (1920) behaal het; die 1921-SR-voorsitter; die oudste lid en ook erepresident van die Klub van oud-SR-voorsitters wat in 1984 gestig is; het Ph.D. in 1924 in Leipzig, Duitsland, behaal; was onderwyser aan Paul Roos-gimnasium, Stellenbosch; dosent aan die Potchefstroomse Onderwyserskollege; vanaf 1936 rektor van die Wellingtonse Onderwyserskollege; gedurende 1940 - 53 professor in opvoedkundige sielkunde, US; tot 1960 superintendent-generaal van onderwys in Kaapland; en tot sy aftrede in 1967 die Universiteit van Wes-Kaapland se eerste rektor.

Mnr WA (Werner) Pauw (78) van Hatfield, Pretoria, wat B.Comm. in 1933 behaal het; in die middel-sestigerjare president van die AHI was; in die eerste minister se ekonomiese adviesraad gedien het; en van 1939 tot 1981 aan die Uniewinkelsgroep verbonde was, o.m. as besturende direkteur en as voorsitter.

Mnr WA (Alex) Pienaar (68) van die Strand, wat B.Comm. (1943) behaal het; wat tot sy aftrede in 1985 vir meer as 30 jaar stadsklerk van dié dorp was; en wat in 1986 die Strand se eerste ereburger geword het.

Dr MW Retief (86) van Queenswood, Pretoria, wat B.A. en M.A. (1925, '28) behaal het en in 1930 aan die Kweekskool afgestudeer het; 'n doktorsgraad in die VSA behaal het; sendeling in Zambië was tot 1934; ook die gemeentes Nkana, Breyten, Daspoort en Westdene bedien het; in diens van die

IN MEMORIAM

Prof "Gans" Meiring

Bybelvereniging, Christelike Polisie en Gevangenisvereniging was; en die skrywer van verskeie boeke was.

Mnr JH Slabber (65) van Saldanha wat B.Comm. (1947) behaal het.

Mnr Jan D Stadler (51) van Kuilsrivier wat B.Sc. (Agric) en M.Sc. (Agric) gedurende 1961 - '65 behaal het; en aan die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Vrugtetegnologie op Stellenbosch verbonde was.

Mnr GP Stockenström (88) van Plumstead, Kaapstad, wat B.A. en S.O.D. (1924 - '26) behaal het; onderwyser en onderhoof op Ladybrand; en vanaf 1954 tot sy aftrede lektor in onderwysopleiding aan die Kaapse Technikon.

Mnr DJ (Dan) Thysse (73) van Walmer, Port Elizabeth, wat 'n diploma in liggaamlike opvoedkunde (1947) verwerf het.

Mnr CJ van der Merwe (66) van Roodepoort wat B.A. in Maatskaplike Werk (1945) behaal het.

Mnr SS (Tian) van der Merwe (43) van Drieankerbaai, Kaapstad, wat B.Comm. en LL.B. (1970, '72) behaal het; as advokaat in dié stad gewerk het; sedert einde 1977 parlementslid vir Groenpunt was; reeds as Matie die VP-tak-voorsitter op die kampus was, later na die Reformisteparty weggebreek het en toe 'n PFP- en uiteindelik 'n DP-LP was.

Mnr VA van der Spuy (84) van Linden, Johannesburg, wat B.A. (1932) behaal het.

Mnr PH (Piet) van Rijn (53) van Ficksburg wat B.A. en S.O.D. (1958, '62) behaal het; ook Hons.-B.A. (Unisa) verwerf het; vir 23 jaar op Ficksburg, sy geboortedorp, skoolgehou het; vir 27 jaar ononderbroke stadsraadslid en verskeie kere burgemeester van Ficksburg was; sedert 1989 die KP-LP van die dorp; 'n Oud-Dagbreker en getroud met mede-Matie Annatjie Bosman.

Mnr LWA (Louis) Victor (52) wat B.Sc. en S.O.D (1963 - '64) behaal het; en tot sy dood as adjunkhoof aan die Kimberley Boys' High School verbonde was.

Dr Andreas Wassenaar

Mnr Lucas Wentzel

Dr Andreas D Wassenaar (83) van Nuweland, Kaapstad, aan wie die US in 1967 'n eredoktorsgraad in die ekonomie verleen het; 'n oud-Tukkie wat in 1937 een van die eerste 25 Suid-Afrikaners was wat as aktuaris bekwaam is; hoofbestuurder van Sanlam vanaf 1947 tot sy aftrede in 1968; van 1967 tot 1970 Sanlam-direksievoorsitter en tot met sy dood erevoorsitter daarvan; het ook in 25 ander maatskappydireksies (12 as voorsitter) gedien; en het 'n leiersrol in die Ekonomiese Instituut en die Afrikaanse Handelsinstituut gespeel.

Ds JAC (Jaap) Weidemann (68) van Durbanville wat B.A. (1941), sy Kweekskoolopleiding en 'n honneursgraad (1961) behaal het; 'n oud-primarius van Wilgenhof en stigterslid van die Kweekskoolkoor; wat NG predikant in die Paarl en op Beaufort-Wes, Pietersburg, Moorreesburg en Durbanville was, asook voorsitter van die kerk se Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.

Mnr Lukas A Wentzel (47) van Stellenbosch wat ODMS, B.Mus. en Hons.-B.Mus. (1964 - '68) behaal het en sedert 1968 as dosent in teorie-vakke aan die Konservatorium verbonde was; 'n begaafde pianis en gewilde dosent; wat op verskeie terreine van die musieklewe 'n bydrae gelewer het, o.m. as stigterslid van 'n Stellenbosse musiekgroep, An die Musik, en lid van dié dorp se kunswedstrydkomitee.

Dr JA (Adriaan) Wessels (26) wat M.B., Ch.B. (1990) behaal het en sy vrou, **mev Sonya Wessels** (25) (B.A. in Maatskaplike Werk, 1990); van Kimberley, waar hy sy internskap gedoen het en sy by die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn gewerk het; en waar hulle in April vanjaar tuis vermoor is. Hulle het albei op Hermanus gematrikuleer, is in hul studentejare getroud en het einde verlede jaar saam afgestudeer.

Mnr FJ van J (Frikkie) Wiese (78) van Wonderboom, Pretoria, wat M.Sc. en M.Ed. (1934, '37) behaal het en in die US-Tennisklub se bestuur gedien het; onderwyser in Kimberley, skoolhoof op Brandvlei en Prieska tot 1966, inspekteur in die Departement Onderwys en Opleiding en tot sy aftrede in 1977 Noord-Transvaalse streekdirekteur van dié departement.

Mej Tessa Willemse (20); 'n derdejaar-B.A.-student wat naby Somerset-Wes in 'n motorongeluk oorlede is. Haar ouers is van die Paarl.

TOPSTUDENT

Mej Marinda Otto het die Fakulteit Handel en Administrasie se prestige-toekenning, die C G W Schumann-medalje, as die beste honneurs- of M-student van 1990 ontvang. Sy is hier by mnr Frans Stroebel, Stellenbosch-Boerewynmakery se besturende direkteur, wat die medalje vroeër vanjaar aan haar oorhandig het.

SBW borg die medalje sedert dit in 1986 ingestel is. Dit is na 'n grondlegger en voormalige dekaan van die fakulteit vernoem. Mej Otto is die tweede vrou aan wie dit toegeken is. Sy het B.Comm., -honneurs en M.Comm. (bedryfsielkunde) behaal, en het ook akademiese erekleure verwerf. Daarby was sy 'n ACSV-kringleidster, Kerk Jeugaksie-tesouriere, koshuispluimbalspanlid, 'n ywerige fietsryer én sy het 'n swart gordel in karate.

M

BRIEWE VAN OUD-MATIES

MEV CHJ (TRIENETTE) DE BEER, PRETORIA:

Ek en my man is Bolanders wat nou al meer as 20 jaar in die Transvaal woon en werk. Toe ons matriekdogter verlede jaar moes besluit waar sy gaan studeer, het sy sonder aarseling op Matieland besluit. Aanvanklik kon ons dit nie verstaan nie, want sy is tog in die Transvaal gebore en het hier skoolgegaan.

Met tyd het dit egter vir ons duidelik geword dat dit eenvoudig so moes wees, want ons familie se verbintenis met die Universiteit van Stellenbosch strek reeds vanaf 1920, toe my oupa, Tobias Johannes Kotzé (geb. 28/12/1887) hom as 'n 32-jarige eerstejaarstudent ingeskryf het. Einde 1926 word hy as predikant gelegitimeer na voltooiing van sy studies aan die Kweekskool op Stellenbosch. Op 1 Augustus 1929 word ds Tobie Kotzé studenteleraar van die Kaapse Kerk en bedien hy die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit Stellenbosch tesaam. Hy beklee die amp tot begin 1936.
In 1932 skryf sy dogter, my moeder, Catharina Hendriena Johanna, in vir die graad BA wat sy in Desember 1934 verwerf. Sy het o.a. onder dr H.F. Verwoerd gestudeer. Nadat sy gekwalifiseer het, werk sy tot 22 Julie 1936 as maatskaplike werker by die ACVV op Stellenbosch.

In 1945 trou sy met 'n sendeling, ds P.H. Müller wat vanaf 1960 tot 1975 die Sendinggemeente op Stellenbosch bedien.

My man, Johannes Hendrik de Beer, wat ook op Stellenbosch grootgeword het, is eerstejaar in 1965 en in 1967 verwerf hy sy B.Sc.-graad in geologie en M.Sc. in 1971 aan die US.

Ekself was in die Hoër Meisieskool Bloemhof en verwerf 'n BA-graad met Afrika-Studie en Frans in 1969 aan die US. Ons trou in 1970 in die Moederkerk op Stellenbosch.

Nou, in 1991, is ons dogter, Catharina Dorothea (Thearina), 'n M.B., Ch.B.-eerstejaarstudent op Stellenbosch. Sy gaan tuis in Sonop.

Dit is dus glashelder: die arme kind het nie 'n kans gehad nie, sy moes eenvoudig Matieland toe. Haar kommentaar: "Dit is baie lekkerder op Stellenbosch as wat julle my ooit vertel het!"

M

MNR F.J. MOSTERT, HOPEFIELD:

Baie dankie vir *Matieland.*

Ek onthou daardie episode op die Ou Paviljoenveld in 1927 nog goed. Ek was toe 'n tweedejaar. Mike Pienaar was die Hertog van Athlone uitgeknip.

Onder my klasmaats destyds op Stellenbosch was Tommy Tomlinson en Sakkie Perold.

M

1951-KLAS HOU REÜNIE

Die 1951-finalejaarsklas in landbouwetenskappe gaan op 29 November 'n reünie op die kampus hou ter viering van die 40ste jaar sedert hulle afgestudeer het.

Hulle het tien jaar gelede ook reünie gehou. Een van die klaslede, mnr Koos Lötter van die Departement Hortologie, reël die reünie. Hy sê sover hy weet, leef almal wat in dié klas was, nog. Daar word gehoop om soveel van hulle as moontlik by die reünie te hê. (Navrae by mnr Willie Louw, Afdeling Openbare Betrekkinge, ☎ 02231-774929. Hy help met die reüniereëlings).

M

EREBURGER-SKAP VIR 'OOM BUN'

Prof Bun Booyens, president van die Konvokasie, het De Rust se ereburgerskap onlangs ontvang. Hy is 'n boorling van dié mooi dorp en sy omgewing, in die Klein Karoo naby Oudtshoorn. Dit is die eerste keer sedert De Rust 91 jaar gelede dorpsbestuur gekry het dat ereburgerskap daar toegeken is.

Prof Booyens het naby De Rust grootgeword en in 1934 aan die hoër skool daar gematrikuleer. Ná sy opleiding aan die Oudtshoornse Opleidingskollege was hy vyf jaar onderwyser aan 'n eenmanskool in dié omgewing, waarna hy aan die US verder gestudeer het. Hy het BA (1944) en MA in geskiedenis (1946) behaal.

Na ses jaar as hoërskool-geskiedenisonderwyser was hy skoolhoof, o.m. weer in sy geboortewêreld, op Oudtshoorn.

Sedert 1960 is hy 'n Stellenbosser: eers as die rektor se persoonlike assistent, toe geskiedenisdosent (vanaf 1963 toe hy ook sy doktorsgraad behaal het) en vanaf 1967 tot sy aftrede in 1981 die eerste professor in wat destyds bekend was as Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde (nou Afrikaanse Kultuurgeskiedenis).

Oud-Maties onthou "oom Bun" veral vanweë sy lang Rugbyklub-verbintenis (o.m. vir sowat 25 jaar as lid van die uitvoerende komitee en nou 'n lewenslid) en as Eendrag se inwonende hoof vir 17 jaar.

Prof Booyens.

Omdat prof Booyens so 'n noue verbintenis met sy geboortewêreld het, was dit vir hom 'n besondere gebeurtenis om De Rust se eerste ereburger te word. Hy sê wat hom van die toekenningsplegtigheid veral opgeval het, is dat so baie mense uit die hele gemeenskap daarby betrokke was.

Die Departement Voedselwetenskap se vyfde jaarlikse voedselwetenskapsimposium by 'n hotel op Somerset-Wes is bygewoon deur prof Gerhard van Noort, die departementshoof en organiseerder van die simposium, mev Betty van Rooyen, dr Piet van Rooyen, direkteur van die NIVV op Stellenbosch, mev Margot Steyn en dr Piet Steyn, van die WNNR se voedselwetenskap- en -tegnologie-afdeling in Pretoria. Dr Van Rooyen het 'n heildronk ingestel by 'n dinee wat tydens die simposium gehou is om die 40ste verjaardag van voedselwetenskap-opleiding in Suid-Afrika (en aan die US) te vier. Dr Steyn het die openingsrede by die simposium gelewer.

Ook by die Departement Voedselwetenskap se simposium en die 40ste verjaardagviering van opleiding in dié wetenskap, was prof Piet Jooste, hoof van die departement voedselwetenskap, UOVS, mnr Duimpie Bayly, tegniese direkteur van Stellenbosch-Boerewynmakery, prof Hennie Louw, afgetrede dekaan van Landbouwetenskappe, US, en die huidige dekaan, prof Martin Hattingh.

SKENKINGS

Mnr Johan le Roux (links) bestuurder: groothandel van Caltex, het R50 000 vir studiebeurse en nog R15 000 vir Stellenbosch 2000 aan die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries, oorhandig.

Trust Bank het R30 000 vir studiebeurse aan prof Mike de Vries (links), Rektor en Visekanselier oorhandig. Die bank is verteenwoordig deur mnre Gert Venter, Kaaplandse gebiedshoof, Frans Gouws, bestuurder: Bolandstreek, en Dries Conradie, Stellenbosse takbestuurder.

Santamversekering dra jaarliks R15 000 by vir 'n nagraadse kursus in korttermynversekering in die Departement Bedryfsekonomie. Mnr Danie de Stadler (middel), Santamversekering se bestuurder op Stellenbosch, het die tjek aan prof Izak Lambrechts, voorsitter van die departement oorhandig. By hulle is prof Erik Mostert, ook van die departement.

Die Medi-Clinic-korporasie van die Rembrandt-groep het R10 000 aan die Departement Verpleegkunde geskenk. By die oorhandiging was dr Buks Hertzog van die groep, prof Berene Welman, hoof van die departement, en mnr Louis Alberts, besturende direkteur van Medi-Clinic.

'n Glasie word geskink sodat Coco-Cola (National Beverage Services) se jaarlikse skenking vir Stellenbosch 2000 gevier kan word deur, van links, mnr Corrie Julies, bestuurder: menslike hulpbronne van dié firma, mej Karen Tucker, die firma se skakelbeampte: verbrukersverhoudinge, en mnr Sunley Uys, direkteur van die US Stigting.

Mnr Toitjie Cillie, bestuurder: gemeenskapsverhoudinge by ISM, het dié maatskappye se skenking vir Stellenbosch 2000 aan die direkteur van die US Stigting, mnr Sunley Uys, oorhandig.

Mnr Alex Basson (regs) het as bestuurder van Allied Bank op Stellenbosch, 'n skenking vir Stellenbosch 2000 aan prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, oorhandig.

Die farmaseutiese firma Upjohn het 'n truprojektor vir opleiding aan die Departement Dermatologie geskenk. By dié geleentheid is daar ook afskeid geneem van mnr Fanna van der Sandt, (naaslinks) wat die firma jare lank in Kaapstad verteenwoordig het. By hom is prof H.P. Wassermann, dekaan van Geneeskunde, prof Jacques Cilliers, hoof van die Departement Dermatologie, en dr Martin du Toit van dié departement.

SKENKINGS

Mnr Dirk van der Linde (regs) het die SA Veevoervervaardigers-vereniging se prys van R5 000 gewen vir die beste finalejaarstudent in veekunde aan alle Suid-Afrikaanse universiteite verlede jaar. By hom met die prysoorhandiging is dr Munro Griessel van die vereniging. Mnr Van der Linde het verlede jaar B.Sc. (Agric) behaal en volg vanjaar 'n honneurskursus in veekunde (herkouervoeding). Hy kom van Grabouw af.

Die prys is ingestel ter nagedagtenis aan dr J.A. (Koos) van der Merwe, 'n Oud-Matie wat enkele jare gelede oorlede is. Hy was 'n bekende veevoedingkundige, verbonde aan Epol. Die prys word jaarliks toegeken, vir akademiese prestasies maar ook uitstaande kenmerke soos leierskap en organisasievermoë.

Rood en Wessels van Pretoria skenk jaarliks R1 500 vir 'n beurs aan die tweetaligste LL.B.-student wat 'n goeie prokureur sal uitmaak. Vanjaar se beurswenner, mnr Paul Marchand (links), is hier by mnr P. Barnard en R.M. Brink van dié firma.

Oud-Dagbreker mnr Flip la Grange (middel) het 'n studiebeurs aan dié koshuis se primarius, mnr Piet Nieman, oorhandig. Regs is mnr Tex de Swardt, die inwonende hoof. Mnr La Grange, die Dagbreek-primarius van 1937 - '38, het dié beursfonds ingestel. Die beurs gaan jaarliks toegeken word.

Mnr P.J. Snijman (naaslinks) het as die belowendste LL.B.-finale-jaarstudent 'n R3 000-beurs van mnre S. Oosthuizen (links) en J.M. Witts-Hewinson, van die firma Cliffe Dekker en Todd in Marshall-town, Johannesburg, ontvang. Regs is prof J.S.A. Fourie, dekaan van Regsgeleerdheid.

Mnre S. Lewis (links) en A. Fernstein (middel) van die Johannesburgse prokureursfirma Edward Nathan & Friedland Ing het beurse van R2 500 aan belowende LL.B. II- en -III-studente mnre Peter Smith (naaslinks) en Dalton Odendaal en mej Vanda Fernandes oorhandig.

Mej Tania Deysel (links) het as finalejaar-LL.B.-student wat die meeste belofte as toekomstige prokureur toon, 'n R1 500-beurs van mej Jean Watt van die Johannesburgse prokureursfirma Webber Wentzel ontvang.

Mej Elizan van Zyl, 'n B.Comm.-finalejaarstudent wat van Oudtshoorn af kom en 'n inwoner van Minerva is, het die Stellenbosse Sakekamer se beurs vir vanjaar van prof Izak Lambrechts, voorsitter van die Departement Bedryfsekonomie, ontvang. Die beursgeld is met 'n gholfdag ingesamel.

B.T.K. GROET SY EREPRESIDENT

Die Berg- en Toerklub (BTK) het by die klub se berghut in die Groot Drakensteinberge naby Franschhoek van dr Theo Scheffler as erepresident afskeid geneem. Hy het dié amp neergelê nadat hy dit sedert 1978 beklee het.

Hy en sy vrou, mev Rita Scheffler, is per helikopter na die berghut geneem waar hulle vir 'n reünienaweek van huidige en oud-BTKaners die eregaste was.

Sy verbintenis met die BTK strek terug na 1929 toe hy as eerstejaarstudent die eerste keer saamgetoer het. Dit was minder as 'n jaar na die BTK se stigting in Junie 1928.

In sy vier studentejare op Stellenbosch het hy nege uit 'n moontlike tien toere met die BTK meegemaak.

Nadat hy afgestudeer het, het hy as jong onderwyser en later as fisikadosent aan die Universiteit steeds sy bande met die BTK behou. In 1953 het hy die klub se president geword. Ná sy aftrede as US-dosent is hy tot erepresident verkies.

Oom Theo, soos hy deur die jare onder die BTKaners bekend was, het onlangs 79 jaar oud geword.

Mev Scheffler het het ook in die BTK-bestuur gedien.

• Alle oud-bestuurslede van die BTK is outomaties lewenslede van die klub. Hulle moet asseblief hul name en adresse stuur aan: Berg- en Toerklub, LSS, Universiteit, Stellenbosch, 7600 M

Dr Scheffler

PLUIMVEEKUNDE REËL REÜNIE

Die Departement Pluimveekunde is vanjaar 50 jaar oud. Dié mylpaal gaan op 23 en 24 Oktober gevier word. Al die departement se oud-studente, -dosente, -tegnici asook -voorligtings- en -navorsingsbeamptes word daarheen uitgenooi.

'n Vleisbraai word vir Woensdagaand 23 Oktober beplan. Die volgende oggend sal die pluimvee-afdeling op die US-proefplaas Mariendahl besoek word. 'n Aantal lesings, o.m. deur twee buitelandse kenners, drr Donald Bell van Kalifornië en Jim McNab van Edinburgh, word vir dié middag gereël. Die halfeeufees word daardie aand met 'n vingerete afgesluit.

Die departement het nie al sy oud-studente en -personeel se name en adresse nie. Laat gerus van u hoor, en sê ook vir ander oud-studente en -personeel hiervan.

Bel dr Daan Poggenpoel of prof James Hayes (☎ 02231-774767/6) of skryf aan Departement Pluimveekunde, Universiteit, Stellenbosch, 7600. M

PPS – Want Selfs In 'n Professionele Praktyk Kan Slim Steeds Sy Baas Vang

PPS – Professionele Dekking Vir Beroepslui

Die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed – die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.
Alleenlik aan Gegradueerde Beroepslui beskikbaar.
Spring reg weg . . .
skakel PPS vandag.



PROTECTION·PROVIDENCE PPS BESKERMING·VOORSORG

Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 6268,
JOHANNESBURG 2000
Telnr: 29-7863
Faks: 23-0088

COOLE 1273/C

U Eksklusiewe Kredietkaart Met Unieke Voordele

Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.

Die kaart bied al die voordele van 'n gewone kredietkaart en nog meer, spesiale aanbiedinge en groot pryse wat gewen kan word.

Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.

Doen vandag nog aansoek om u Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede. Of skakel (012) 21-3121 — en kry die kaart wat u met trots kan aanbied.

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart, Privaatsak X87219, Houghton 2041.

Naam .....

Adres .....

.....

.... Poskode .....

Tel (W) ..... (H) .....

VOLKSKAS BANK

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 78/03306/06

KV23C

OOK BESKIKBAAR
IN SUPERIOR MILD

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn-die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk-die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes

DIE
MEESTERSTUK

RVR 300A